# Hoe om Teëspoed te hanteer

**’n Studie oor Ontsag-vir-God geloof uit die lewe van Job**

**Joel James**

Kopiereg © Joel James, 2020

**Word of the Cross**

Die boekie mag in gedrukte of elektroniese vorm versprei word onder die volgende voorwaardes:

- Die verspreiding moet gratis wees
- Geen veranderinge mag aan die teks aanbring word nie
- Alle kopieë moet die volgende bevat:
  Hoe om Teëspoed te hanteer: ’n Studie in die Ontsag-vir-God geloof uit die lewe van Job.
  Kopiereg © Joel James, 2020
  Gebruik met toestemming.

Indien u die boekie vir ander redes wil gebruik, moet toestemming verkry word vanaf **Word of the Cross**.

Oorspronklike uitgawe:
How to Handle Calamity: A study in fear-of-the-Lord
faith from the book of Job
© Joel James, 2003
Revised Edition

Skrifaanhalings geneem uit:
Die Bybel in Afrikaans. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 1933, 1953.
Gebruik met toestemming.

Die 1983 Bybelboek-name is gebruik.

Uitgegee deur
**Word of the Cross**
Posbus 39263
Garsfontein-Oos
0060
Suid-Afrika

orders@gracefellowship.co.za

# Inhoudsopgawe


Voorwoord..........1
Job en Ou Testamentiese Wysheid..........3
Wie is in Beheer?..........6
Ontmoet Job..........7
Satan, die Aanklaer..........10
Verdere Getuienis..........12
’n Dag van Vernietiging..........15
Indien jou eerste poging onsuksesvol was ..........16
Wie is in beheer van Teëspoed?..........18
Waarom het dit gebeur?..........20
Is dit God se oordeel?..........20
Ja, dit is waar..........22
Die besoek..........23
Het dit gebeur omdat ek sleg was?..........30
Ander redes waarom God teëspoed stuur: Menslike sondigheid..........31
Onder konstruksie..........32
Bewese geloof..........34
Onvoorsiene goedheid..........35
Waarom Job gestruikel het..........37
’n Goeie begin..........37
Vermy slegte raad..........37
Die tyd stap aan..........39
Die regte ding om nou te doen..........41

Die valstrik van verwagtings ........................................ 42
Die skild van die geloof ........................................ 45
Ontsag-vir-God geloof ........................................ 46
'n Nuwe stem ........................................ 52
God se dag in die hof ........................................ 53
Wysheid teenoor wysheid ........................................ 54
Ontsag-vir-God geloof ........................................ 61
Wat leer ons by Job? ........................................ 62
'n Hulplys vir die hantering van teëspoed ........................................ 65
Boekies reeds vertaal in Afrikaans ........................................ 67

# Voorwoord

Hierdie boekie het ontstaan uit ’n reeks preke wat ek vroeg in 2002 in ons kerk, Grace Fellowship Pretoria gepreek het. Ons klein groepie in die kerk het tydens die voorafgaande maande sterfte, breingewasse, kanker, kindermolestering, aanranding, verbrokkelde huisgesinne, finansiële ineenstorting asook ’n aantal minder-ingrypende ellendes beleef.

In die loop van ’n paar weke het ek ’n dame raad gegee; sy moes toesien hoe haar man voor haar oë doodgeskiet is, ’n ander wat VIGS gekry het, ’n verkragting-slagoffer, en ’n vriend wat ’n lelike skeuring in sy kerk beleef het. Terselfdertyd was my vrou in ’n greep van ’n siekte wat dit vir haar dikwels onmoontlik gemaak het om uit die bed op te staan, en die dokters letterlik stomgeslaan het. Ek het nie soos Job gevoel nie, maar wel soos Job se predikant.

In al daardie omstandighede het die kerk dieselfde vrae gehad as jy wanneer teëspoed jou tref: Wie is in beheer? Waarom het dit gebeur? Hoe moet ons daarop reageer? Soos matrose wat tydens ’n orkaan skuiling soek, het ons na die Woord van God gegaan en onsself geanker aan die boek Job. Die boek Job is vir baie Christene lank en ingewikkeld, eintlik ’n boek om te vermy. Die lesse wat ons tydens ons ellendes daaruit geleer het, het die verskil gemaak tussen geloof en vertwyfeling, tussen hoop en wanhoop.

In Job leer ons God ken – ’n God só groot, so wys en só liefdevol dat ons nie hoef te verstaan waarom soveel slegte

dinge gebeur het nie. Saam met só 'n God wat ons lei, was ons tevrede om in geloof te leef en nie deur aanskoue nie. Ek hoop dat die lesse in die boek van Job vir jou waardevol sal wees, net soos dit vir ons was. Christus het dit gebruik om ons te versorg; ons glo Hy sal dit ook in jou lewe doen.

Joel James

**Vertalersnota:**

1. Die Hebreeuse woord "bârak" kan as "seën" of "vervloek" vertaal word. Die nuwer vertalings gebruik "vervloek" of "vloek" en die Engelse vertalings gebruik "curse."
2. Die "vrees van die HERE" en "ontsag vir die HERE /God" word alternatiewelik gebruik vir "the fear of the Lord."
3. "Wicked" word vertaal as "bose" of "goddelose."

# Job en Ou Testamentiese Wysheid

Spreuke, Job en Prediker is drie van die mees fassinerende boeke in die Ou Testament. God het bedoel dat die drie boeke ’n eenheid vorm, iets wat ons nie altyd besef nie. Soos spelers wat onder ’n goeie sportafrigter as ’n eenheid saamwerk in hul spel, so dra elkeen van hierdie boeke op sy eie unieke manier by tot ’n beter begrip van hoe die lewe verloop in God se heelal.

Spreuke is die eerste van die drie. Spreuke is vergenoegd, kundig en selfvoldaan. “Trou met my” roep Wysheid in die eerste hoofstukke, “en jy sal vrede, sekerheid, voorspoed, ’n lang lewe en goeie gesondheid geniet.” In Spreuke se wêreld word die goeie geseën en die bose gestraf. Hulle wat Wysheid se insigte volg, word beloon; leuenaars, luiaards en spotters beleef slegs wanhoop.

Sover as voor die hand liggende (aksiomatiese) beginsels betref, sien Spreuke dit reg. Leef met wysheid en jy sal beleef dat jou lewe geseën word deur God en stabiel en lonend is. Job, wat daarenteen op die ashoop sit, vra: “Is dit *altyd* waar? Is dit *altyd* waar dat die godvresendes vrede en stabiliteit beleef, en die bose teëspoed?” Net soos ’n kangaroe ‘n stert nodig het om hom te balanseer nadat hy ’n vyf-meter sprong gedoen het, so het die selfvoldane, feitelike Spreuke ’n Job nodig om dit te balanseer.[1]

---

[1] Vir meer inligting lees Derek Kidner se *The Wisdom of Proverbs, Job & Ecclesiastes* (Downers Grove, Illinois: InterVarsity Press, 1985).

Die lewe verloop nie altyd so pasklaar soos Spreuke dit stel nie. Job wys vir ons dat daar onbegryplike uitsonderings is – iets wat die meer as selfvoldane Spreuke moet erken: "Die voetstappe van 'n man hang van die HERE af: hoe sou 'n mens dan sy (eie) weg verstaan?" (Spreuke 20:24).

Prediker delf selfs dieper in die pynlike verloop van die lewe in 'n sonde-vervloekte wêreld. Nie alleen tref geweldige ellende soms oënskynlik goeie mense nie, dit laat ons sprakeloos. "Indien die lewe so is, dan wens ek dat ek liewer dood is," kla Salomo in Prediker 4. Spreuke beeld die lewe uit soos dit behoort te wees, Job hoe dit soms in teenstelling met Spreuke is, en Prediker ons frustrasie wanneer ons onsself in die middel van die "in teenstelling" bevind.

Al drie wysheidsboeke verkondig dieselfde boodskap, ten spyte van al hul duidelike verskille. Spreuke verklaar onomwonde in sy inleiding "Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis..." (Spreuke 1:7; 9:10). Prediker soek in die donker gange, maar kom oortuigend tot dié gevolgtrekking: "Die hoofsaak van alles wat ons gehoor het, is: Vrees God en hou sy gebooie ..." (Prediker 12:13).

In hoofstuk 28:28 verklaar Job dat dít wat hy weet, waar is – alhoewel dit vir hom moeilik was om dit toe te pas – "Kyk, die vrees van die HERE is wysheid." Die woorde "vrees van die HERE" word nie in die laaste hoofstukke van die boek gebruik nie, maar wat was Job se stil, swygende boetvaardigheid in hoofstukke 40 en 42 anders as die eerbiedige besef van een wat God gesien en gebewe het?

Soos 'n herder sy kudde rustig vorentoe lei, so lei al drie wysheidsboeke tot één antwoord: die sleutel om die goeie, die slegte en die lelike in die lewe te hanteer, is 'n eerbiedige, nederige verhouding met 'n grote God, 'n God wat só groot is dat jy Hom sal vertrou of jy nou verstaan wat Hy doen, of nie. Job se bydrae tot daardie drietal is uniek. Hy skilder die persoonlike ervarings van 'n man wat soveel verloor het dat sy naam gelykgestel word aan swaarkry. Hy het God ontmoet. Sy smart was eg, maar hy het waarlik geleer om te midde daarvan, op God te vertrou. Ons sal hom in die volgende hoofstuk ontmoet.

# Wie is in Beheer?

Tornado’s is een van God se kragtigste natuurverskynsels. Winde kan maklik ’n spoed van 300 km per uur in die tregter van ’n tornado bereik. Om die waarheid te sê het ek ’n foto gesien waarop ’n stukkie strooi dwarsdeur ’n hout heiningpaal gewaai is. Indien so ’n tornado jou huis tref, sal daar geen stukkies oor wees om agterna op te tel nie.

Ek het ’n onderhoud gelees wat iemand met ’n vrou gevoer het wie se huis juis deur só ’n tornado platgevee is. Haar kommentaar aan die beriggewer was: “God was nie hierin nie. God wou nie hê dat dit moes gebeur nie.”

Is dit die waarheid? Is God, saamgesleep in die gebeure van ’n katastrofe soos ’n tornado, onbekwaam om in te gryp? Is die tragiese gebeurtenisse in ons lewens – natuurrampe, siekte, gewelddadige misdaad en oorloë – nie onder sy beheer nie? Hierdie is belangrike vrae wat Bybels beantwoord moet word. ’n Poging om God se rol in swaarkry en pyn te verstaan, word deur teoloë *teodisee* genoem. Wanneer rampspoed tref, gaan dit vir ons om lewe en dood: “Wie, indien enigiemand, is in beheer *hiervan*?

Baie Christene blameer Satan vir elke slegte ding wat gebeur. In hierdie siening oor teëspoed word Satan byna gelykgestel aan God – altans wat sterkte betref – seer sekerlik oortref hy God wanneer dit by misleiding en bedrog kom. Dan sal jy altyd oor jou skouer moes loer, nooit seker wanneer God sy rug draai en Satan jou met ’n goddelik-onvoorsiene omstandigheid tref nie.

Ander verkondig dat nié God óf Satan in beheer van teëspoed is nie; *jy* is in beheer. Die voorspoed-predikers verkondig byvoorbeeld dat jy, omdat jy negatiewe uitsprake maak of dink, jouself daardeur siek maak. Indien jy positief genoeg dink en genoeg geloof het, sal niks wat sleg is met jou gebeur nie.

Wie *is* dan in beheer: Satan? Die mens? God? Die eerste twee hoofstukke van Job gee die antwoord. Wanneer ’n tornado jou huis verwoes, ’n siekte jou gesondheid aantas of ’n egskeiding jou familie skeur – wanneer die wêreld buite beheer skyn te wees – *God* is in beheer.

## Ontmoet Job

Die eerste twee hoofstukke van Job verdeel in drie aardse tonele en twee hemelse tonele. In die *eerste aardse toneel* (Job 1:1-5) ontmoet ons die man Job.

> Daar was 'n man in die land Us wie se naam was Job; en dié man was vroom en opreg en godvresend en een wat afgewyk het van die kwaad.
>
> Job 1:1[2]

Job was werklik ‘n man wat geleef, liefgehad en swaargekry het, presies soos die boek wat sy naam dra, beskryf. Sy naam

---

[2] Die skrywer van Job en die datum van skrywe is onseker; dit is nie uit die teks duidelik nie. Job het waarskynlik in die patriargale era geleef – nadat die toring van Babel gebou is, maar voor Moses. Beide die wyse waarop Job (in plaas van ’n Levitiese priester) vir sy familie geoffer het en sy lang leeftyd (ongeveer 200 jaar) suggereer dit.

word in die Ou Testament sowel as in die Nuwe Testament vermeld,[3] wat bevestig dat Job nie slegs ʼn legendariese figuur was nie. Volgens Job 1:1 het hy in Us, in die noordelike deel van Arabië, suidoos van die Dooie See gewoon.

Job was ʼn man met ʻn edel karakter. Hy was inderdaad die tipering van hoe ʼn Ou-Testamentiese man veronderstel was om te wees. Hy was "vroom en opreg, godvresend en een wat afgewyk het van die kwaad" (Job 1:1).

Die woord "vroom" beteken om volmaak te wees. Job was vroom in sy sedes – daar was geen verborge sondes nie, geen vlekke of skeure in die kleed van sy heiligheid nie. Job was eerlik – reguit soos ʼn pyl in alles wat hy gedoen het. Job het ook ontsag vir God gehad – hy het die lewe met geloofsgevulde, eervolle toewyding vir sy Skepper benader. Dit was Job se gewoonte om van boosheid weg te draai. Om Job sover te kry om te sondig, was soos om twee gelykwerkende pole van ʼn magneet teen mekaar te probeer druk – hy het altyd óf na die een- óf na die anderkant weggebeur. Hy was vlekkeloos voor God.

Benewens sy onbesproke karakter, is Job ook deur God op elke moontlike manier in alles wat hy kon begeer, geseën.

[3] Esegiël 14:14,20 en Jakobus 5:11.

> En vir hom is daar sewe seuns en drie dogters gebore. Daarby was sy besitting seweduisend stuks kleinvee en drieduisend kamele en vyfhonderd paar beeste en vyfhonderd eselinne en 'n groot menigte slawe, sodat dié man ryker was as al die kinders van die Ooste.
>
> Job 1:2-3

Dit is geen wonder dat Job (10 kinders – insluitend baie seuns wat die familienaam kon voortdra – en onvergelyklik baie vee) die rykste man in die Ooste genoem is nie. Job het ook nóg iets gehad wat die meeste suksesvolle mense nie gehad het nie: eenheid in die familie. Sy kinders het dikwels feestelik bymekaar gekuier.

> En sy seuns was gewoond om 'n maaltyd aan te rig in die huis van elkeen op sy dag. Dan stuur hulle en nooi hul drie susters om saam met hulle te eet en te drink. En elke keer as die dae van die maaltye om was, het Job gestuur en hulle geheilig. Dan maak Job die môre vroeg klaar en bring brandoffers vir elkeen van hulle; want Job het gedink: Miskien het my kinders gesondig en God in hulle hart geseën! So het Job altyd gedoen.
>
> Job 1:4-5

Boonop het Job dikwels offerandes gebring om seker te maak dat sy kinders in ʼn posisie was om God se seëninge te ontvang. Job was die beste voorbeeld in die Ou Testamentiese wêreld waar die God-geseënde man ʼn benydenswaardige man was (Psalm 1:1).

## Satan, die Aanklaer

Job se rustige, God-geseënde lewe is deur sy vriende en bure beny, maar dit is afgekeur deur die aardsvyand van vrede en seën, Satan. Ons ontmoet hom, "die aanklaer" in die *eerste hemelse toneel*.

> En op 'n dag toe die seuns van God kom om hulle voor die HERE te stel, het die Satan ook onder hulle gekom. Toe vra die HERE vir die Satan: Waar kom jy vandaan? En die Satan antwoord die HERE en sê: Van 'n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het.
>
> Job 1:6-7

Tussen die hemelwesens wat gekom het om hulle voor God te stel, was daar een wat genoem is *hasatan*, letterlik: "die teenstaander" of "die aanklaer." Dit was 'n woord wat in die Hebreeuse regshowe gebruik is vir die een wat die aanklag gebring het. Latere Bybelverse (byvoorbeeld Openbaring 12:9) gee dié naam vir die leier van die uitgeworpe engele, die duiwel, dieselfde een wat Adam en Eva in die Tuin bedrieg het. In hierdie hemelse toneel kom daardie moorddadige leuenaar, die aanklaer, om sy gereelde verslag voor God te bring.

> En die HERE vra vir Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad. En Satan antwoord die HERE en sê: Is dit verniet dat Job God vrees? Het U nie self hom en sy huis en alles wat hy het, aan alle kante rondom, beskut nie? Die werk van sy hande het U geseën, en sy vee het sterk vermeerder in die land. Maar strek net u hand uit en tas

> alles aan wat hy het — waarlik, hy sal U in u aangesig seën!
>
> Job 1:8-11

Terwyl God Job se ongeëwenaarde karakter huldig, het die aanklaer dadelik tot die aanval oorgegaan. “Sekerlik weet ek van Job. Waarom sou hy U nie dien nie? U gee vir hom alles wat hy wil hê. Maar laat ek ’n geheim oor Job uitlaat wat U nie weet nie, God. Job wil slegs U seëninge hê. Job het U nie lief nie: hy is slegs lief vir dít wat U vir hom gee. Neem sy besittings weg, en U sal die ware Job sien. Weerhou dit van hom, en hy sal U verwerp.”

Satan was gefrustreerd omdat God Job “aan alle kante rondom beskut” het (vers 10). Satan kon nie *naby* Job kom nie. In werklikheid, in vers 11, het Satan erken dat slegs één hand teëspoed in die lewens van God se mense kan veroorsaak.

> Maar strek net ***u*** hand uit en tas alles aan wat hy het — waarlik, hy sal U in u aangesig seën!
>
> Job 1:11 (klem bygevoeg)

Wie beheer teëspoed? Nie Satan nie, hy moes dit self erken. Hy moes by God pleit om Job aan te raak. Sonder God se toestemming, kon Satan Job nie eens sy toon laat stamp nie. In vers 12 gee God vir Satan toestemming om Job aan te val, maar het Satan ook in sy aanval drasties beperk.

> Daarop sê die HERE aan die Satan: Kyk, alles wat hy het, is in jou hand; net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie. En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE.
>
> Job 1:12

Sommige Christene sê dat God te verras of te hulpeloos is om in te gryp wanneer rampspoed tref. Daardie siening kom nie uit die Bybel nie. Job 1 wys dat God totaal in beheer van Job se teëspoed was. Satan moes inderwaarheid God se toestemming kry alvorens hy sy vinger op Job se besittings kon lê. God het Satan ten strengste verbied om aan Job se gesondheid te raak. God het Satan as ‘n *werktuig* gebruik – niks meer en niks minder as dit nie – om sy doel in Job se lewe te bewerkstellig.

## Verdere Getuienis

In werklikheid bevestig die hele Skrif, en nie slegs Job 1 en 2 nie, dat nié Satan, óf die mens, in beheer van teëspoed is nie. Satan is nié die bron van fisiese gestremdhede, geboortegebreke of siekte nie. God het dit weer bevestig by die brandende bos toe Moses sy “swaarheid van tong” as onvermoë aangevoer het om nie God se boodskapper te wees nie.

> Toe sê Moses aan die HERE: Ag, HERE, ek is nie 'n man van woorde nie — van gister of van eergister of vandat U met u kneg gespreek het nie; want ek is swaar van mond en swaar van tong. En die HERE antwoord hom: Wie het vir die mens die mond gemaak, of wie maak stom of doof, of siende of blind? Is dit nie Ek, die HERE, nie?
>
> Exodus 4:10-11

God verklaar met reg sy beheer oor geboortegebreke. Ons sien dit in die Nuwe Testament (Johannes 9) toe Jesus die vraag waarom die man blind gebore is, as volg geantwoord het.

> En toe Hy verbygaan, sien Hy 'n man wat blind was van sy geboorte af. En sy dissipels vra Hom en sê: Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is? Jesus antwoord: Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook die; maar die werke van God moet in hom openbaar word.
>
> Johannes 9:1-3

Satan beheer nie teëspoed nie; mense ook nie. Toe Josef se broers hom as 'n slaaf verkoop het, het hy die volgende gesê. "Maar julle het wel kwaad teen my bedink *maar* God het dit ten goede bedink ..." (Genesis 50:20). Wie is in beheer van ontvoering en slawerny? God.

Korrupsie in die polisiemag en gewelddadige misdaad is twee onheile wat baie Suid Afrikaners vrees. Toe Jesus onregverdig in die middel van die nag gearresteer is en die volgende dag doodgemaak is, wie was daar in beheer?

> Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring;
>
> Handelinge 2:23

In nabetragting oor die onbeplande en oorhaastige inhegtenisneming en kruisiging van Jesus, het Petrus geweet wie tydens die gebeure in beheer was. Die onpartydige en korrupte Romeinse gesagdraers? Die moordlustige Jode? Nee, God en sy voorafbepaalde raadsplan.

Menslike woorde – positiewe of negatiewe uitsprake – beheer nie goed of sleg deur middel van magiese kragte nie.

Jeremia vra die volgende retoriese vrae nadat Jerusalem platgevee is deur die Babiloniese krygsmagte en van die Nabye Ooste se kaart verwyder is.

> Wie spreek daar, en dit gebeur? Het die HERE dit nie beveel nie? Gaan uit die mond van die Allerhoogste nie kwaad sowel as goed nie?
>
> Klaagliedere 3:37-38

Verskeie ander verse in die Bybel bevestig ook dat God soewerein, dus oppermagtig in teëspoed is.

> Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie; ... Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek, die HERE, is dit wat al hierdie dinge doen.
>
> Jesaja 45:5-7

In Amos 3 noem die profeet verskeie dinge wat hy as vanselfsprekend aanvaar.

> Sal twee met mekaar wandel tensy hulle *eers* afgespreek het? Sal 'n leeu brul in die woud as hy geen prooi het nie? ... Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk het nie?
>
> Amos 3:3-4, 6b

Salomo stel dit as volg in Prediker 7:14. “Wees goedsmoeds op die dag van voorspoed, en op die dag van onheil, bedink dan: Ook hierdie *dag* het God gemaak net soos daardie ...” Ewemin kan Satan, óf die mens óf uitsprake teëspoed beheer. God is in beheer. Dit is presies wat in Job uitgebeeld word. Voordat God sy toestemming gegee het, kon Satan nie Job óf sy besittings aanraak nie.

## ’n Dag van Vernietiging

As ons die vertelling oor Job lees, vind ons ’n *tweede aardse toneel*. Dit was ’n dag van ongekende vernietiging; Satan het vier verskillende rampe bewerstellig sodat hy Job kon ruïneer (Job 1:13-19). Al Job se osse en donkies is gesteel en die diensknegte in ’n bloedbad vermoor. Weerlig het al sy kleinvee gedood en die dienaars verkool. Die kamele is almal ontvoer en hulle oppassers het in ’n massamoord gesterwe. Verreweg die mees tragiese gebeurtenis van daardie onheil-gevulde dag was die dood van Job se tien kinders. ’n Tornado het die huis van Job se oudste seun getref, en in die proses het die huis in duie gestort en Job se kinders is deur die vallende bakstene gedood.

Soos die een na die ander kneg hygend voor Job se voete geval en berig het oor nóg ’n volgende groot slagting, was Job se reaksie ’n ontsag-vir-God reaksie.

> Toe staan Job op en skeur sy mantel, en hy het sy hoof geskeer en in aanbidding op die grond geval.
>
> Job 1:20

Tipiese uitinge van smart in Job se kultuur was om die bokleed te skeur, die kop kaal te skeer en om op die grond neer te val, maar nie in aanbidding nie. Job was egter ’n buitengewone man.

> Naak het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek daarheen terugkeer. Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd!  By dit alles het Job nie gesondig en aan God niks ongerymds toegeskrywe nie.
>
> Job 1:21-22

Job het erken dat alles wat hy in sy lewe ontvang het, ʼn geskenk van God was – sonder enige verdienste. God het die reg gehad om dit wat hy gegee het, weer weg te neem. Die einde van vers 22 sê letterlik, "Job het aan God niks ongerymds toegeskrywe nie." Met ander woorde, Job het God nie beskuldig dat Hy ʼn fout begaan het toe Hy die lewe van Job se kinders en sy diensknegte geneem, en sy finansiële ondergang bewerk het nie.

## Indien jou eerste poging onsuksesvol was ...

In hoofstuk 2 gaan die vertelling voort met ʼn *tweede hemelse toneel*. Job het nie onder druk geknak soos Satan voorspel het nie. Die beskuldiger was egter gou gereed met ʼn verduideliking: God het nie dit wat vir Job die waardevolste was, naamlik sy liggaam, aangeraak nie. "Tas sy gesondheid aan" het Satan gekerm en voorspel dat Job blitsvinnig teen God sou draai.

> En die HERE vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? ... en hy volhard nog in sy vroomheid, alhoewel jy My teen hom opgehits het om hom te vernietig sonder oorsaak. Toe het die Satan die HERE geantwoord en gesê: Huid vir huid, en alles wat iemand het, sal hy gee vir sy

> lewe;  maar strek net u hand uit en tas sy gebeente en sy vlees aan — waarlik, hy sal U in u aangesig seën!
>
> Job 2:3-5

Dit is weereens opvallend dat Satan God se beheer in alles erken het. Hy het God gesmeek: "... strek net u hand uit ..." (vers 5). Satan sou die werklike daad uitvoer, maar met die volkome wete wie in beheer is.

> En die HERE sê aan die Satan: Kyk, hy is in jou hand; spaar net sy lewe.
>
> Job 2:6

Nadat Satan toestemming gevra en van God ontvang het, het Satan sy tweede aanval geloods. Dit word in die *derde aardse toneel* (Job 1-2), beskryf.

> En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE, en hy het Job met bose swere getref, van sy voetsool tot sy skedel.
>
> Job 2:7

Wat die spesifieke siekte was, is moeilik om te sê. Wat dit ook al was, dit was ʼn foltering vir Job. Dit is oorspronklik as "bose" swere beskryf. Job se hele lyf was van kop tot tone met brandende, etterende en opgeswelde sere oortrek. So vreeslik as wat die siektetoestand was, het Job nog iets erger gedoen om verligting te bring: "En hy het ʼn potskerf geneem om hom daarmee te krap terwyl hy in die as sit" (vers 8). Die "as" verwys natuurlik na die ashoop waar die as uit die vuur gegooi, en huishoudelike afval verbrand is.

Job se vrou het hom aangespoor om die stryd te laat vaar en om te sterf, maar Job het geweier om ʼn gesindheid van

bittere gegriefdheid teenoor God te hê. “Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie? By dit alles het Job nie gesondig met sy lippe nie” (vers 10).

## Wie is in beheer van Teëspoed?

Die antwoord op bogenoemde vraag is in die eerste hoofstukke van Job reeds onmiskenbaar duidelik. Job, Satan en God bevestig dat *God* in beheer is. Job sê: “Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie?” (Job 2:10). Satan het gekla omdat God ’n beskutting rondom Job gehad het en het voor God gepleit “maar strek net *u* hand uit ...” (Job 1:11, 2:5). God self het die gesprek met Satan wat tot Job se toetsing gelei het, geïnisieer. God het Satan toestemming gegee om Job aan te val, maar het afgebakende beperkings op Satan se afbrekende begeertes gelê. Met ander woorde, God het die tydperk, die aard en die omvang van Job se teëspoed beheer.

Dit is gerusstellend om te weet dat God in beheer is wanneer teëspoed tref. Ons sou rede hê om verskrik te wees indien God nie sou weet wat aangaan nie, of magteloos sou wees om dit te beëindig, of deur Satan uitoorlê sou wees. Dít leer die Bybel egter nie.

Die lewe voel dikwels of dit buite beheer is – soos ’n vliegtuig wat buite beheer wentel. Indien dit wel gebeur is dit gerusstellend om te weet dat God die roer in sy hand het, en sy voete op die pedale het. Die God wat dit toegelaat het, kan ons ook daarin bystaan. (Moontlik kan God besluit om ons nie ***daaruit*** te neem nie, maar hy kan ons ***daardeur***

begelei). Om teëspoed op ’n vertrouende, godvererende manier te hanteer, moet ons van die Bybelse waarheid dat God in beheer is, oortuig wees.

Dit lei egter tot ’n tweede vraag: Indien God in beheer is, waarom het hy Satan dan toegelaat om Job se besittings te plunder, sy familie te verpletter en sy gesondheid aan te tas? Indien God in beheer is – en Hy is – waarom laat hy dan toe dat slegte dinge gebeur? Daardie vraag sal in die volgende hoofstuk beantwoord word.

# Waarom het dit gebeur?

Omdat ons weet dat God in beheer is, besef ons as Christene dat ons teëspoed inpas by God se sorgvuldig-uitgewerkte plan. Daardie waarheid kan ons egter slegs vir ’n oomblik gerusstelling gee. “Ja, God beheer dit. Wat ’n verligting ... (pouse). Maar, *waarom* het God toegelaat dat dit gebeur?” Dié vraag is onvermydelik.

Wanneer ’n ramp ons soos weerlig vanuit ’n wolklose hemel tref, wonder ons: “Waarom is by my huis ingebreek en my eggenoot geskiet?” “Waarom het my vrou kanker gekry?” Maar God tree nie sonder rede op nie. By ’n soewereine (alles-bepalende) God is daar nooit so iets soos toevalligheid, ’n gelukskoot of die noodlot nie.

Waarom laat God dan swaarkry toe? *My* swaarkry? *Ons* swaarkry? Benewens om Homself te verheerlik (altyd sy hoogste doel), is daar ten minste vyf spesifieke redes waarom God teëspoed in die lewens van sy kinders toelaat:

- Om spesifieke sonde te dissiplineer
- Weens die algemeen-menslike sondige natuur
- Om Christelike volwassenheid teweeg te bring
- Om ons geloof aan onsself en aan ander te bewys
- Om onvoorsiene goedheid te bewerkstellig.

## Is dit God se oordeel?

Die *eerste rede* waarom God teëspoed veroorsaak is om *spesifieke sonde te dissiplineer*. Wees egter versigtig! Dit was

hulle onbegrip en verkeerde toepassing van hierdie beginsel wat God aan die einde van die boek woedend gehad het teenoor Job se vriende (Job 42:7). Baie mense wil die boek van Job ignoreer – want hulle martel hulle lydende vriende of kerkgangers deur te sê dat teëspoed die gevolg van sonde is. Laat ons hierdie beginsel versigtig oorweeg.

Toe God rampe oor Job gebring het, het Job nie aanvanklik op antwoorde aangedring nie (Job 1:22; 2:10). Maar ’n “ek-verdien-’n-verduideliking” -gesindheid het mettertyd Job se vertrouende geloof verteer.

> Waarom het ek nie gesterf by die geboorte, nie uitgegaan uit die moederskoot en die asem uitgeblaas nie?
>
> Job 3:11

> Waarom gee Hy lig aan die ellendige... ?
>
> Job 3:20a

> Waarom tog het U my uit die moederskoot laat uitgaan? ... Is my dae nie min nie? Laat Hy ophou, my laat staan, dat ek 'n bietjie vrolik kan wees.
>
> Job 10:18, 20

> As ek gesondig het, wat doen ek U aan, o Mensebewaker? Waarom het U my as mikpunt vir U opgestel, sodat ek myself tot 'n las is?
>
> Job 7:20

Job het gevra: “Waarom het dit gebeur?” Sy vriende was maar al te gretig om hom die antwoord volgens hulle oortuiging te gee, naamlik “God dissiplineer jou vir ’n spesifieke sonde.”

## Ja, dit is waar

Dissiplineer God mense omdat hulle spesifieke sondes gedoen het? Die antwoord is, ja ... soms. Laat ons drie voorbeelde oorweeg. Koning Dawid het sy lewe verwoes in ruil vir 'n paar minute se geheime plesier met Batseba. Sý lewe was nie die enigste een wat verwoes is nie.

> En die HERE het die kind wat die vrou van Uría vir Dawid gebaar het, getref, sodat dit ernstig siek geword het... En op die sewende dag het die kind gesterwe.
>
> 2 Samuel 12:15, 18

God het teëspoed oor Dawid en Batseba gebring, naamlik die dood van hul babaseuntjie. Waarom? Om hulle sonde te dissiplineer (te tugtig). Koning Ussía het melaats geword toe hy God se wet onteer en probeer het om in die tempel te offer (2 Kronieke 26:16-19). Hierdie soort oordeel het nie net by koninklikes voorgekom nie. Gehási was slegs 'n dienskneg – Elisa se boodskapper. Hy het ook melaats geword nadat hy vir Elisa gelieg het oor die geld wat hy van Naäman ontvang het (2 Konings 5:25-27).

Soms bring God teëspoed om mense vir 'n spesifieke sonde te dissiplineer. Job se vriende het ongelukkig daardie beginsel verkeerdelik toegepas, met tragiese gevolge. Dit geld nie slegs vir hulle nie.

## Die besoek

Namate die boodskap van al Job se ellendes versprei het, was Job se vriende diep bekommerd. Drie van hulle – Élifas, Bildad en Sofar – kenners op die gebied van wysheid (net soos Job), het besluit om Job te besoek en hom te bemoedig.

> En toe hulle op 'n afstand hul oë opslaan en hom nie herken nie, het hulle hul stem verhef en geween; ook het hulle elkeen sy mantel geskeur en stof op hul hoofde gestrooi na die hemel toe. En hulle het by hom op die grond gaan sit, sewe dae en sewe nagte lank, sonder dat iemand 'n woord met hom gepraat het; want hulle het gesien dat die smart baie groot was.
>
> Job 2:11-13

My professor in Hebreeus by die Teologiese Kweekskool het eenkeer opgemerk: "Dit was verreweg hulle beste poging." Hulle stilswye was goud werd, ondersteunend. Hulle latere oorvereenvoudigde antwoorde en kwalik-bedekte beskuldigings het verder smart op smart gestapel.

Die smart wat Job alreeds ervaar het, sou voldoende gewees het. Sy kinders is gedood en sy werknemers vermoor en sy rykdom is hom ontneem. Hy het fisies soveel pyn verduur dat hy gewens het dat hy liewers dood was. Sy woorde in Job 7:3: "... so het ek erfgenaam geword van maande van teleurstelling..." dui aan dat hy reeds 'n lang tyd in dié toestand verkeer het. Hy sou enigiets gee om 'n nag rustig te kon slaap.

> As ek gaan lê, dink ek: Wanneer sal ek opstaan? Maar die aand is lank, en ek word sat van al die omdraai tot die môreskemering toe. My vlees is bekleed met wurms

> en stofklonte; my vel trek opmekaar en etter dan weer.
> My dae ... verdwyn sonder verwagting.
>
> Job 7:4-6

Job se vriende het hom nie herken waar hy op die ashoop gesit het nie. Oortrek met maaiers, vuiligheid, rowe en etterende wonde, het sy rooi-omrande oë geen hoop uitgestraal nie. In vers 14 het Job gehallusineer – 'n algemene verskynsel by 'n erge tekort aan slaap. Toe hulle dit sien, het hulle hul stilswye verbreek. Hulle was eenstemmig in hulle wete dat God in beheer was, maar hulle het dit op hulleself geneem om te verduidelik waarom God Job so geruïneer het.

Op hierdie stadium moet ons iets moeiliks begryp, naamlik 'n paradoks (skynbare teenstrydigheid): Job se vriende was terselfdertyd reg én verkeerd. Hulle was reg in dié opsig dat God wel teëspoed gebruik as straf vir 'n spesifieke sonde ('n volgehoue drankprobleem ontwikkel in 'n lewerprobleem – God gebruik teëspoed om teen sonde op te tree). Die fout wat Job se vriende gemaak het, was om te dink dat dit die enigste rede, of selfs 'n belangrike rede vir Job se teëspoed was. Dit was nie.

Élifas was eerste aan die woord. Sy eerste redevoering is 'n een-lyn opsomming van alles wat hy en sy vriende in die volgende 20 hoofstukke sou sê.

> Bedink tog, wie het ooit onskuldig omgekom, en waar is opregtes verdelg?
>
> Job 4:7

Élifas se teologie ten opsigte van teëspoed was baie eenvoudig. Indien jy reg lewe, seën God jou. Indien jy

verkeerd lewe sal God jou straf. Omdat God só ’n drastiese straf oor hom gebring het, moes Job, volgens sý oordeel, ’n baie ernstige oortreding begaan het.

> Volgens ek gesien het: Die wat onreg ploeg en moeite saai, dié maai dit. Deur die asem van God kom hulle om, en deur die geblaas van sy toorn word hulle vernietig.
>
> Job 4:8-9

In die Spreuke-gedrewe wêreld waarin Élifas geleef het, was dit duidelik dat die regverdiges deur God versorg is en dat die boosdoeners gestraf is. Alhoewel Élifas dit nie direk gesê het nie, het hy indirek daardie teologie op Job toegepas.

Élifas se teologie het tot vandag toe nog nie verdwyn nie. In kerklike groeperings wat deur die “Word-Faith” beweging beïnvloed is, floreer die teologie steeds. Die voorspoed-predikers se boodskappe is eenvoudig: God wil jou gesond en ryk hê. Indien dit nie so is nie, leef jy sleg – te min geloof, ’n geheime sonde, ensovoorts.

Jy ken die scenario. ’n Christen lê byvoorbeeld in die hospitaal met ’n baie sorgwekkende siekte soos kanker. Kennisse kom besoek met die beste voornemens (net soos Job se troosters) en sê: “Indien jy meer glo, sal jy gesond word. Jy moet ’n geheime sonde in jou lewe hê. Daarom het die siekte oor jou gekom.” Van my kerkgangers moes presies daardie woorde aanhoor. Élifas se teologie is nog steeds aktief en met ons.

Vas oortuig dat hulle reg was, het Élifas en die vriende hulle filosofiese vingers gebruik om Job te wurg met duidelike verwysings na sy pynlike en gefolterde fisiese toestand.

> *Élifas*: Want onheil kom nie voort uit die stof, en moeite spruit nie uit die grond nie ... Al sy dae leef die goddelose in angs ...
>
> Job 5:6; 15:20
>
> *Bildad*: Ja, die lig van die goddelose gaan dood ... dit verteer sy vel broksgewys.
>
> Job 18:5,13
>
> *Sofar*: As daar ongeregtigheid in jou hand is, verwyder dit ... ja, dan sal jy jou aangesig kan ophef, vry van smet...
>
> Job 11:14-15

Job se vriende het die hele tyd onvermoeid op 'n een-snaar viool gespeel. "Job, wat met jou gebeur het, gebeur slegs met bose mense. Indien jy vergifnis vir jou geheime sonde vra, sal God verligting bring." Job het egter geen noemenswaardige sonde gehad waarvoor hy vergifnis moes vra nie. Dwarsdeur die boek het hy volgehou dat hy nié sonder sonde was nie (Job 7:21; 9:2,15; 10:6; 13:26 en 14:16-17). Hy kon egter nie dink dat hy so 'n groot en gemene sonde gedoen het, dat God dít oor hom gebring het nie. In werklikheid het Job hom egter op God beroep: "... U weet dat ek nie skuldig is nie ..." (Job 10:7).

Die meedoënlose beskuldigings van Job se vriende het dieselfde effek op Job gehad as wat die beskuldigings van "te min geloof" of "geheime sonde" vandag nog op siek en hartseer mense het. Eerstens het dit hom frustreer.

> Maar julle pleister met leuens, kwaksalwers is julle almal. Ag, as julle maar heeltemal sou swyg — dan sou dit vir julle wysheid wees!
>
> Job 13:4-5

Later het dit die wind uit Job se seile geneem; dit het sy gees baie erg aangetas.

> My gees is verward, my dae is uitgeblus, die graf wag op my. Waarlik, bespottinge is my deel, en op hulle getwis moet my oog rus.
>
> Job 17:1-2

Die verlies van Job se familie, van sy besittings en van sy gesondheid was alreeds verwoestend genoeg sonder dat die vriende belediging bo-op worsteling gestapel het. In plaas van onware beskuldigings het Job daarna gesmag om getroos te word: "Vir die moedelose *moet* daar liefde *wees* van die kant van sy vriend, ook al laat hy die vrees vir die Almagtige vaar" (Job 6:14).

Job se weerstand teen sy vriende se argumentering het hulle woedend gemaak. Hoofstuk na hoofstuk word berig hoe hulle voortgegaan het om hom met verbale houe, stampe en stote by te kom. In hoofstuk 22 het Élifas hom kaalhand aangevat.

> Is dit oor jou *Gods*vrees dat Hy jou bestraf, dat Hy met jou na die gereg gaan? Is jou boosheid nie groot nie ...?
>
> Job 22:4-5a

"Job, dink jy dat God al hierdie dinge gedoen het omdat jy so ʼn wonderlike mens is? Omdat jy so godvresend is? Dit is verregaande Job!" In werklikheid was dit nie verregaande

nie. Hoe het God Job in hoofstukke 1 en 22 beskryf? “Daar is nie een soos hy op die aarde nie, ’n vroom en opregte man wat van boosheid weggedraai het.” Derek Kidner skryf korrek aangaande Job, “dit was Job se onskuld wat hom blootgestel het aan die beproewing.” [4]

Om teëspoed in die oë te kyk, moet ons hierdie les baie goed verstaan: ’n ramp in jou gesondheid, jou finansies, of familie beteken nie noodwendig dat God vir jou kwaad is nie. Soms gebruik God teëspoed om ‘n spesifieke sonde te dissiplineer. Job se geweldige verliese en aangetaste liggaam het niks daarmee te doen gehad dat hy te min geloof of ’n geheime sonde gehad het nie. God was inderdaad woedend vir Job se vriende omdat hulle volgehou het dat dit wél die geval was.

Nadat die HERE hierdie woorde vir Job gesê het, het die HERE vir Élifas, die Temaniet, gesê: ”My toorn het ontvlam teenoor jou en jou twee vriende; want julle het nie reg van My gespreek ... nie” (Job 42:7).

Ons HERE Jesus Christus was ook geen vriend van die krimineel-eenvoudige “jy moes sleg gewees het”- beskouing oor teëspoed nie.

---

[4] Derek Kidner, *The Wisdom of Proverbs, Job & Ecclesiastes* (Downers Grove, Illinois: InterVarsity Press, 1985), 57.

> En toe Hy verbygaan, sien Hy 'n man wat blind was van sy geboorte af. En sy dissipels vra Hom en sê: Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?
>
> Johannes 9:1-2

Die dissipels het ook dieselfde teologie as Élifas ten opsigte van siekte gehuldig. Jesus het hulle vinnig gekorrigeer: "Hy het nie gesondig nie en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word" (Johannes 9:3).[5]

Baie mense word vandag in dieselfde slagyster as Job se vriende gevang. Hulle aanvaar dat teëspoed net vir één rede daar is, en handel in hulle beskuldiging onregverdig teenoor die lydende persoon. Hulle steel die slagoffer se enigste hoop: "te midde van alles het God my nog steeds lief." Om daardie hoop te steel, is die ergste diefstal ooit. God se woede teenoor Élifas, Bildad en Sofar in Job 42:7 dien as 'n waarskuwing: God haat die "jy moes sleg gewees het"-teologie, en is woedend teenoor hulle wat dit leer.

---

[5] 'n Subtiele eiegeregtige, "gesonder as jy" – gesindheid begelei dikwels hierdie teologie. Wanneer kennisse jou in die hospitaal besoek en sê: "Glo net, dan sal jy gesond word." Hulle bedoel eintlik daarmee, "Indien jy soos *ons* glo sal jy so gesond soos *ons* wees. Jy is siek; *ons* is gesond. Jy is nie so godsdienstig soos *ons* nie." Daardie eiegeregtige gesindheid is deur die Fariseërs getoon toe hulle vir die blinde man wat weer kon sien, gesê het: "Jy is heeltemal in sondes gebore en leer jy *ons*?" (Johannes 9:34, klem bygevoeg).

## Het dit gebeur omdat ek sleg was?

Soms is daar wel ’n ooglopende oorsaak-en-gevolg verhouding tussen ’n spesifieke sonde en ’n teëspoed: seksuele losbandigheid en ’n ongewenste swangerskap, dronkenskap en ’n tragiese motorongeluk. Indien ’n hebsugtige spekulering of intense luiheid gelei het tot jou finansiële ineenstorting, hoef jy nie te wonder waarom God gedoen het wat hy gedoen het nie. Sonde se wet van gevolge: “... want net wat die mens saai , dit sal hy ook maai” (Galasiërs 6:7) leer dat God ’n spesifieke sonde gedissiplineer het.

Indien daar egter geen ooglopende oorsaak-en-gevolg verhouding tussen jou teëspoed en ’n spesifieke sonde is nie, moenie jouself martel deur een te soek nie. Indien jy ’n sonde gedoen het waarvoor jy vergifnis moet vra, doen dit. Maar moenie soos Job se vriende in die slagyster trap en ander mense (of jouself) blameer omdat jy in God se onguns geraak het en die teëspoed jou getref het nie. Kanker, misdaad of motorongelukke is nie bewyse dat God jou haat nie. Job is ons klassieke voorbeeld wat toon dat God soms teëspoed oor iemand vir wie hy baie lief is, laat kom.

“Maar”, vra jy, “indien God my dan nie vir ’n spesifieke sonde dissiplineer nie, wáárom doen hy dit aan my?” Kom ons laat vir eers die boek van Job eenkant en soek ’n antwoord in die res van die Skrif.

## Ander redes waarom God teëspoed stuur: Menslike sondigheid

Behalwe die dissiplinering van ’n spesifieke sonde is daar ’n *tweede* Bybels-geopenbaarde rede vir die teëspoed wat God oor iemand bring, naamlik *omrede menslike sondigheid*. In Genesis 3 het Adam die hoeksteen onder die skepping uitgetrek. Sedertdien gaan die afbrekingsproses voort en die bakstene val. Om dit eenvoudig te stel: slegte dinge gebeur omdat ons God se heelal met sonde bevlek het.

Ons is verras wanneer dinge verkeerd loop. Prediker vertel ons dat ons in ’n Genesis 3 -wêreld verras moet wees indien dinge *reg* verloop. Dit is slegs te wyte aan God se genade dat dinge nie erger is as wat hulle is nie. Wanneer hael my oes verwoes of ’n virus my rekenaardata vernietig, moet ek nie verstom staan nie. Ons werk onder ’n vloek: die Godgegewe gevolge van menslike sondigheid. Romeine 8 toon dit.

> Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe - nie gewillig nie, maar ter wille van Hom wat dit onderwerp het - in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid ...
>
> Romeine 8:20-21

Nadat Adam gesondig het, het die heelal in sinneloosheid verval, gebuk onder korrupsie. Vir ons liggame beteken dit pyn en infeksies. By ons werk beteken dat onkruid gedy, en dat self-vernietigende sagteware belangrike aanbiedinge verwoes. In verhoudings beteken dit onbetrokke ouers,

ontwrigtende tieners en besonder lelike egskeidings. Uiteindelik kry ons wat ons verdien.

> Wat klaag 'n mens in sy lewe? *Laat* elkeen *klaag* oor sy sondes.
>
> Klaagliedere 3:39

By die aanskoue van die oorblyfsels van die vernietigde stad Jerusalem na die Babiloniese inval en oorname, het Jeremia gesê: “Mense, ons kan regtig nie kla nie. Die feit is dat ons eenvoudig almal sondaars is en ons ontvang verseker die loon wat ons verdien.” Ons kan God vandag prys dat Jesus Christus deur sy dood aan die kruis die vloek van die sonde vir altyd verwyder het. Die volle uitwerking van Christus se oorwinning sal in die hemel ondervind word, “... daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie ...” (Openbaring 22:3).

## Onder konstruksie

’n *Derde* Bybelse rede waarom God teëspoed oor jou bring is *om jou in Christus volmaak te maak*. Wat ook al met jou gebeur, kan jy van een ding seker wees: God se doel daarmee is om jou meer soos Christus te maak.

> Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie.
>
> Jakobus 1:2-4

Staal kan nie by kamertemperatuur vervaardig word nie. ’n Vuuroond is daarvoor nodig. Op dieselfde wyse produseer gerief, vrede en gemak nie geestelik-sterk en aanpasbare mense nie. Jy het die hitte van beproewinge nodig om ’n gelouterde Christelike karakter te kan ontwikkel; ’n lem sterk genoeg om bruikbaar te wees in God se hande.

God het my vrou se siekte (vermeld in die Inleiding) presies op dieselfde manier in my familie gebruik. Niemand hou daarvan om bedlêend te wees nie. My vrou het egter geleer om die goeie én die slegte uit God se hand te aanvaar. Met ’n ma buite aksie het die kinders geleer om met ’n vreugdevolle gemoed beter helpers binne en buite die huis te word. Hulle pa het dieselfde les geleer naamlik om, sonder om te kla en met ’n vreugdevolle gemoed, die skottelgoed te was.

’n Atleet kan nie sy spoed verbeter sonder om tydens oefensessies sy bene en longe te laat brand nie. ’n Gewigopteller sal nie sterker word indien hy nie sy spiere tot die uiterste inspan terwyl hy die gewigte optel nie. Dit is ’n gegewe in sport – verbetering is slegs moontlik indien die intensiteit van inspanning geleidelik tot by die uiterste verhoog word. Aangesien ons egter te lui is om onsself geestelik tot die uiterste in te span, het God ’n manier om die intensiteit vir ons te verhoog; teëspoed. Die gevolg is sterker geloof, meer deernis en volgehoue geduld, dus stewiger geestelike spiere onder alle omstandighede.

## Bewese geloof

ʼn *Vierde* rede waarom God teëspoed in ons lewe bring, is om *ons geloof aan onsself en aan ander* te bewys. God het openbaar dat Satan se beskuldigings teenoor Job lasterlik was. Hoe dan? Hy het Job getoets en Job se uithouvermoë het getoon dat Satan verkeerd was.

Petrus het aan sy lesers geskryf dat hulle as gevolg van verskeie beproewings swaarkry, omdat "die bewys van hulle geloof" waardevoller as goud was. Wanneer hulle geloof deur vuur gelouter is, sou dit uiteindelik "... uitloop op lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus, ..." (1 Petrus 1:6-7).[6]

By ʼn dame in ons kerk het kanker vyf kere opgevlam. Dit was in alle opsigte baie swaar: fisies, emosioneel en geestelik. Terwyl ons egter haar standvastige blymoedigheid dopgehou het, was ons daardeur bemoedig. Die manier waarop sy haar geloof aan ons bewys het, het ons aangespoor om te dink, "wanneer my beurt kom, wil ek my beproewings ook só hanteer." Meer as een dokter, verpleegsuster of vriend van ʻn familie is al gered deur die nederige, vertrouende krag van ʼn Christen kankerpasiënt óf sy óf haar familie. God kan dus teëspoed gebruik om ons geloof te bewys – aan onsself en aan ander – en om Homself in die proses te verheerlik (1 Petrus 1:7; Johannes 9:3).

---

[6] God bring nie beproewings oor jou sodat jy daarin misluk nie. Hy toets jou sodat jy dit *oorwin* en sy Naam verheerlik sal word deur almal wat jou uithouvermoë sien.

## Onvoorsiene goedheid

Die *vyfde* rede waarom God teëspoed in die lewe van sy kinders toelaat, is om *onvoorsiene goedheid* te wys. Die Bybel is vol sulke verrassings. ’n Klassieke voorbeeld? Josef. Sy broers het hom ontvoer en verkoop, op dieselfde manier as wat ’n mens ’n bees of ’n skaap sou verkoop. Terwyl die kamele in die karavaan stadig na Egipte beweeg het – en tydens verskeie moeilike situasies daarna – kon Josef moontlik gevra het, “Waarom het God dit gedoen?” Antwoord. Onverwagte goedheid.

God het Josef se ontvoering, slawerny en die tyd in onverdiende gevangenisskap gebruik om Josef in die posisie te plaas dat hy sy verhongerde familie van kos kon voorsien. Dekades later het Josef vir sy broers gesê: “Want júlle het kwaad teen my bedink, *maar* God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om ’n groot volk in die lewe te hou” (Genesis 50:20). Niemand kon dit destyds gedink het nie, maar goedheid tydens Josef se teëspoed was die hele tyd God se plan.

Rut is ’n tweede voorbeeld. ’n Erge tragedie het Rut getref – haar skoonpa, haar swaer en haar man het kort na mekaar gesterf en haar en Naómi, haar skoonma, verarm en hulpeloos agtergelaat. Hoe het God daardie hartverskeurende situasie gebruik? Rut het na Bethlehem gegaan (’n plek waarheen sy andersins nooit sou gegaan het nie), ’n man Boas ontmoet (wat sy nooit andersins sou ontmoet het nie) en het die oumagrootjie van Koning Dawid

geword deur wie se bloedlyn die Messias gebore sou word. Dit is onverwagte goedheid.

In Handelinge 8 word berig dat Stéfanus gestenig is; met klippe doodgegooi is. Die verskrikte Christene het na veiligheid gevlug, weg van al die wonders en vreugde wat God oor die Kerk in Jerusalem gebring het. Dink jy, hulle het gedink dat die verstrooiing *goed* was? Hulle het besmoontlik gedink dat dit die einde van die Christelike Kerk beteken. God het egter die verstrooiing bo verwagting gebruik om die Kerk in Antiochië  tot stand te bring (Handelinge 11:19ff). God het daardie kerk as basis gebruik om Paulus later, as verkondiger van die Evangelie, binne-in die hart van die Romeinse Ryk te laat indring. Orals in die Bybel vind ons: oënskynlik-onoorkomelike ellendes is dikwels die presiese beginpunt in God se plan waardeur Hy dan goedheid teweegbring.

God gebruik teëspoed nooit willekeurig nie. Hy gebruik dit vir verskeie doeleindes: om ons ontevrede genoeg met hierdie Genesis 3 wêreld te laat word, sodat ons na iets beters (of Iemand) soek, om ons in die vuuroond van ellendes sterker te maak, net soos ʼn smid in sy werkwinkel die swaard se lem temper. Dit alles om ons geloof te bewys en goedheid te bring; wat niemand sou voorsien nie.

In nabetragting wéét ons nou dat God nooit teëspoed na willekeur gebruik nie. Ons kén die Bybelse redes waarom God teëspoed veroorsaak. Hoe reageer ons egter wanneer Hy dit wél doen? Hierdie vraag lei ons na die volgende hoofstuk.

# Waarom Job gestruikel het

## ’n Goeie begin

Job het so goed begin. Sy geloof was net so ondeurdringbaar vir Satan se aanslag as wat die dop van ’n seeskilpad is vir die aanval van ’n jakkals. Job het homself in die dop van sy geloof teruggetrek en het gesê: “Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd” (Job 1:21). Wat het dan verkeerd gegaan?

Daar is ten minste vier redes waarom Job se vertroue in God getuimel het. *Eerstens* het hy na slegte raad geluister, *tweedens* het tyd aan sy vertroue in God geknaag, *derdens* het sy verwagtings begin opbou: God skuld hom sekere dinge, het hy geglo en *vierdens* het hy sy greep op die skild van die geloof verloor.

## Vermy slegte raad

Op ‘n sportdag in my Graad 3 jaar, het een van my vriende met hierdie nuwigheid en ook met raad daarby gekom: “Weet julle waarom polisiemanne so vinnig kan hardloop? Terwyl hulle hardloop, haal hulle deur hulle neuse asem. Ons moet dit probeer.” Na ontvangs van hierdie inligting, naamlik die geheim vir spoed soos dié van ’n jagluiperd, was ek met die keuse gelaat: moet ek hardloop en slegs deur my neus asemhaal, of nie? Gelukkig het ek nie my vriend se raad gevolg nie. Ek was alreeds stadig en om só asem te haal

terwyl ek ’n 300 m resies hardloop, sou ek definitief versmoor of verstik het.

Goeie raad is ten tye van teëspoed van onskatbare waarde; slegte raad kan jou egter versmoor. Inderwaarheid was die slegte raad waarna Job geluister het, een van die redes waarom hy sy koers verloor het. Indien jy teëspoed reg wil hanteer, sal jy die les wat Job op daardie stadium nié geleer het nie, wél moet leer: *Ignoreer goedbedoelde onbybelse raad*.

Indien Job se raadgewers in die 21e eeu geleef het, sou hulle waarskynlik gesê het: “Job, kyk na al die verskriklike dinge wat met jou gebeur het. Ons moet die bloedlynvloeke wat invloed op jou lewe het, breek. Ons moet die demone wat velsiektes veroorsaak, uitdryf. Jy moet na ’n *sangoma* gaan. Jy moes die gebed van Jabes gebid het. Jy moet R1000-00 na ’n geesgesalfde geloofsgeneser by Skenk-en-Glo bediening stuur.”

Een van die mees uitdagende aspekte te midde van teëspoed, is die goedbedoelde raad van vriende en familie. Bybelse raad is ’n kosbare kleinood. Die onbybelse “jy moet meer glo” -tipe raad is nie. Dit kan dikwels met iemand vergelyk word wat jou wind uitslaan.

Moenie dat aanmerkings wat God as onbekwaam of onkundig skets, jou in die geloof laat struikel of val nie. Moenie dat “Christelike toordokters” jou verwar met bespiegelinge oor demone en hulle moontlike bydrae tot jou

siekte of rampspoed nie.[7] Job het geleer om sy oë op God te hou terwyl hy die teëspoed hanteer. Jy moet ook.

Om teëspoed te hanteer, moet jy alle onbybelse "haal slegs deur jou neus asem" -raad met 'n glimlag en 'n dankie verwerp. Mense gee raad omdat hulle omgee – ontvang dit so, al is hulle raad onbruikbaar. Maar moenie dat hulle onbybelse raad jou denke deurmekaarkrap soos wat Job gedoen het nie. Jy weet wat die waarheid oor God is, en hoe Hy werk. Hou daaraan vas.

## Die tyd stap aan

Vanaf Job 3 word 'n tweede rede gegee waarom Job die spoor byster geraak het. Hy het toegelaat dat die tydverloop aan sy geloof knaag. Volgens Job 7:3 was Job se hartseer oor sy kinders en die brandende foltering van sy siekte reeds maande aan die gang voordat sy vriende opgedaag het. Sy lyding het vir hom soos 'n ewigheid gevoel. Die duur van sy lyding het hom uitgeput.

Soos 'n ywerige marathon-atleet het Job weggespring met die spoed van 'n naelloper. Namate die teëspoed kilometer na kilometer, dag na dag uitgerek het, het Job se geloof begin verflou en begin wankel om uiteindelik te val.

---

[7] Alhoewel ons weet dat Satan persoonlik betrokke was in Job se teëspoed, was Job nooit aangemoedig om sy situasie te hanteer deur Satan te bind, om vloeke uit te dryf of enige ander okkulte-verwante tegnieke te gebruik nie. Die boek eindig waar Job weer op koers was. Wat was die geheim? Hy het op God gefokus; Satan en demone is nie eers genoem nie.

Uitgerekte teëspoed is vernietigend. Net soos Job, begin ons met geloof. Soos die eindelose dae verbygaan, en ons nóg ‘n keer die almanak se bladsy na die volgende maand blaai, ʼn nuwe almanak vir die volgende jaar koop, vir nóg ʼn jaar en nóg ʼn jaar, dan tree wanhoop in.

Dit is moeilik as mens nie weet wanneer ʼn beproewing gaan eindig nie. Alhoewel ek ʼn langafstand atleet was, het ons afrigter dikwels vereis dat ons naellope hardloop. Hy het dit op twee maniere laat doen: die eerste was om ons byvoorbeeld ʼn spesifieke afstand, - 200 m - agt kere namekaar te laat hardloop. Dit was nie pret nie, maar ons kon dit hanteer. Ons het presies geweet hoe ver ons moes hardloop.

Ons felste haat was egter gerig op die ander soort oefening. Die afrigter sou sê: “Manne, julle moet begin en so vinnig as moontlik hardloop en moet nie ophou voordat ek die fluitjie blaas nie.” Daar was geen einddoel, geen wenstreep om oor te hardloop nie. Ons moes slegs aanhou hardloop sonder om te weet wanneer hy die fluitjie sou blaas om ons verligting te gee.

Dit is hoe teëspoed werk. Jy weet nie wanneer dit gaan eindig nie; wanneer jy gesond sal word nie; wanneer die HERE jou kanker-verswakte pa of ma gaan verlos nie; wanneer jy weer ʼn werk sal kry nie; wanneer God die fluitjie gaan blaas sodat jy weer kan asem skep nie.

Ons moet by Job leer hoe om teëspoed te hanteer: pasop vir teëspoed se gevaarlike tydsduur. Tyd kan jou geloof verswak. Dit is soos termiete. Hulle eet geleidelik aan ʼn houtstruktuur

en verswak dit van binne af deur hulle konstante vretery. Aan die buitekant lyk alles soos voorheen. Die klein onsigbare honger kake van die termiete verswak die hele struktuur totdat dit val. So was dit met Job – die tydverloop het sy geloof geleidelik weggevreet. Het jy iets soortgelyks tydens jou teëspoed ervaar? Hoe hanteer jy dit?

## Die regte ding om nou te doen

Die Bybelse antwoord om uitgerekte ellendes te hanteer, kan ons in Jesus se woorde in die Bergpredikasie vind:

> Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.
>
> Matteus 6:34

Jesus het geweet dat indien ons vandag se genade vir môre se bekommernisse gebruik, sal dit ons uiteindelik laat struikel. Dit is soos om ʼn stukkie botter te gebruik om ʼn hele brood te smeer. Wat voldoende is vir een sny brood, is nie genoeg vir ʼn hele brood nie. Op dieselfde manier is God se genade genoeg vir vandag: "Geloofd sy die HERE! Dag na dag dra hy ons ..." (Psalm 68:20). Moet nie probeer om vandag se genade te verdeel vir môre, volgende maand, of volgende jaar nie. Dit is reg om vooruit te beplan; om oor môre bekommerd te wees, is nie reg nie.

Jesus het vir die dissipels gesê om in afhanklikheid van God se genade deur die dag te kom. Môre sal nuwe moeilikhede opduik, en nuwe genade. Elke dag, miskien selfs elke minuut, het genoeg van sy eie moeilikheid.

Die Christelike skryfster Elizabeth Elliot is gevra hoe sy die lewe baasgeraak het na die dood van haar tweede man. Haar waardevolle antwoord was: "Ek het die volgende regte ding gedoen." Sy was nie in staat om die hartseer te hanteer nie. Sy het in die genade van God berus. Vir elke volgende minuut het sy weer genade gevra. Een minuut op ŉ slag, en een takie op ŉ slag, so het sy deur die dag gekom.

Sy was soggens nie lus om op te staan nie, maar dit was die regte volgende ding om te doen. Sy het ook nie moed gehad om haar tande te borsel nie, of om haarself te versorg nie. Dit was tog die volgende regte ding om te doen. Op daardie manier het sy deur die dag gekom, die hartseer in die gesig gestaar en die volgende regte ding gedoen. Dit is Jesus se beginsel, op ŉ mespunt saamgevat. Hanteer jou oorweldigende hartseer so: doen die volgende regte ding!

## Die valstrik van verwagtings

Behalwe vir die strik van tydverloop, het Job ook vierkantig in *die valstrik van verwagtings* geval. In Job 29 het hy ŉ paar van sy talryke goeie dade opgenoem. Hy was ŉ suksesvolle besigheidsman: "... toe my voetstappe gewas is in dikmelk en die rots by my strome van olie uitgegiet het" (Job 29:6). Sy sukses het die jonger manne geïntimideer; hy het respek van die stad se oudstes ontvang: "Toe ek uitgegaan het na die poort, op na die stad toe, op die markplein my sitplek reggemaak het, het die seuns weggekruip as hulle my sien, en grysaards het hulle opgerig en bly staan" (Job 29:7-8). Job was geliefd en gerespekteer, nie alleen as gevolg van sy

sukses as besigheidsman nie, maar ook vir sy besorgdheid oor die armes:

> Want het 'n oor net gehoor, dan prys dit my gelukkig; ... Want ek het die ellendige gered wat om hulp geroep het, en die wees en hom wat geen helper het nie. Die seën van hom wat klaar was om onder te gaan, het op my gekom; en die hart van die weduwee het ek laat jubel. Die geregtigheid was my kleed, en ek sy kleed; my reg was soos 'n mantel en 'n tulband. Oë was ek vir die blinde, en voete vir die lamme was ek. ... En ek het die tande van die kwaaddoener stukkend gebreek en die buit uit sy gebit geslinger.
>
> Job 29:11-17

Job was alles wat ’n wyse en regverdige man moes wees. Hy het egter self gesê dat hy besonder ingenome met homself was. Hy het ’n hele reeks verwagtings begin opbou – dinge wat hy geglo het God hom skuld omdat hy so goed was. In hoofstuk 29:18-20 noem hy ’n paar: ’n maklike sterwe, ’n lang en gerieflike lewe, baie lewenskrag, geëerd wees deur mense en onuitputlike krag.[8]

In hoofstuk 30 het Job – die wysheid deskundige – ’n insiggewende blik in sy eie hart gehad.

---

[8] Hierdie verwagtings het tipies in die wysheids-literatuur voorgekom. In Psalm 73:4 kla die psalmis omdat die bose mense wat hy dopgehou het, “geen kwellings” gehad het nie (vers 4) en nie “in die moeite van sterwelinge” was nie (vers 5). Oor die 120-jarige Moses is gesê: “... sy oog was nie verswak nie, en sy krag het nie vergaan nie” (Deuteronomium 34:7). Job het soortgelyke seëninge verwag.

> Want ek het op die goeie gehoop, en onheil het gekom; en ek het gewag op lig, en donkerheid het gekom. My ingewande kook sonder ophou; dae van ellende het my teëgekom.
>
> Job 30:26-27

Dít is die valstrik van verwagtings. Job het goedheid van God verwag omdat hy goed was, en toe God dit nie vir hom gee nie, was hy baie kwaad. Dit is ŉ maklike valstrik om in te val wanneer die teëspoed oor ŉ mens kom. "Al wat ek wou gehad het, was ŉ gelukkige familie, en nou is my dogter geskei ... my seun rebelleer ... my man het my verlaat. Wat het ek gedoen om dit te verdien?" Die verwagting? Indien ek ŉ goeie vrou en ma is skuld God my ŉ gelukkige familie – soos ek dit definieer. My vriend wat ŉ kind met Down-sindroom het, het eendag vir my gesê dat verwagtings een van die grootste struikelblokke is wat ouers met gestremde kinders in die gesig staar. "Ek wou graag my seun op die sportveld sien, hoe hy universiteit toe gaan, trou, en ŉ suksesvolle loopbaan opbou. Nou het ons ŉ seun wat nooit graad 2 sal slaag nie."

Job se erkenning is hartverskeurend korrek: "... ek het op die goeie gehoop, en onheil het gekom ... " (Job 30:26). Hoogmoed laat ons glo dat ons sekere dinge van God verdien omdat ons goed is: "Ek verkul nie met my BTW nie, dus is God daarvoor verantwoordelik dat my besigheid suksesvol is." Kom ons nie in die versoeking om so te dink nie? "Hoe kon God dit aan my doen? Ek was tog goed!" Deel van Job se beangste worsteling in hoofstukke 3-30 kom uit presies daardie siening.

Te midde van teëspoed lei die ek-verdien-goedheid-omdat-ek-goed-is verwagtings tot woede teenoor God en die gevoel dat Hy my versaak het. God het egter nooit konstante goedheid belowe indien ons 'n toegewyde ma en 'n geduldige pa, 'n getroue belastingbetaler was nie of slegte vriende op skool vermy het nie. Om teëspoed korrek te hanteer moet Christene Job se fout vermy, naamlik die opbou van verwagtings dat "God my goedheid skuld omdat ek probeer het om goed te wees."

## Die skild van die geloof

Benewens slegte raad, die tydverloop en die verwagtings, was daar nog 'n verdere faktor wat Job laat struikel het: *hy het sy greep op die skild van die geloof verloor*. In Job 1-2 lyk dit asof Job veilig agter die skansmuur van sy geloof in God se wysheid was. "Die HERE het gegee en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd! ... Die goeie sou ons van God aanneem en nie ook die slegte aanneem nie?" (Job 1:21; 2:10). Efesiërs 6 gee 'n perfekte voorbeeld van die skild van die geloof.

> Daarom, neem die volle wapenrusting van God op ... Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.
>
> Efesiërs 6:13, 16

Soldate in die antieke wêreld het groot skilde gedra. Wanneer vyandige boogskutters 'n sarsie pyle na hulle geskiet het, het hulle agter die groot skilde geskuil sodat die pyle die

skild getref het en onskadelik was. In Job 1-2 het Job juis dit gedoen. Satan het ’n spervuur vlammende pyle op Job afgevuur maar Job se skild van die geloof het die pyle afgeweer. Dit is hoe geloof werk: geen pyl van Satan – maak nie saak hoe erg of hoe intens nie – kan kinderlike geloof binnedring nie. “Ek sal God vertrou of ek verstaan wat Hy doen of nie.”

In Job 3 het hy egter toegelaat dat die handvatsel van sy skild uit sy vingers glip. Job het homself nie vooraf geanker aan sy standvastige vertroue nie. Job het toegelaat dat sy gees versoek word, en toegelaat dat sy gees gevange geneem word deur woedende verwagtings, en ongeduldige “Hoe lank nog?” -gedagtes. Dit alles weens die onbarmhartige, onware beskuldigings van sy vriende.

In een van die Evangelies lees ons van ’n man wat vir Jesus uitgeroep het: “Ek glo, HERE, kom my ongeloof te hulp!” (Markus 9:24). Ons moet dieselfde uitroep wanneer teëspoed ons tref. “Ek glo, HERE, red my asseblief uit my twyfel. Help my om agter die skild van geloof te skuil. Help my om gedagtes oor angs, twyfel en moedeloosheid te vermy!” Hoe maak óns wanneer ons agter die skild van geloof skuil tydens teëspoed? Kom ons kyk weer na die vertelling oor Job om die antwoord te kry.

## Ontsag-vir-God geloof

Job se lewe was ’n ruïne, verniel deur Satan se intense haat. Dit het gelyk soos die stad Hirosjima nadat die atoombom daarop geval het – ’n woesteny van puin. Job se eerste

reaksie was skok, maar ook ’n rustige vertroue in die God wat in beheer is van teëspoed.

Slegte raad, die tydsverloop en die teleurstelling van sy verwagtings, planne en drome, het daartoe gelei dat Job sy waaksaamheid geleidelik verslap het. Soos sy skild van geloof laer en laer afgesak het, het hy die mees verwoestende ding gedoen wat iemand tydens teëspoed kon doen. Job het gevra: “Waarom?”

Om die vraag “waarom” te vra is nie so ’n slegte ding nie, mits ons God se Bybelse antwoorde aanvaar. God bring teëspoed sodat ons geestelik groei, om ons geloof te beproef, om onverwagte goedheid te bring, ens. Baie dikwels egter (soos in Job se geval) is ons ontevrede oor God se Bybelse antwoorde. Ons wil en glo dat ons meer detail *verdien*.

Ons pendel tussen smeking en openlike vyandigheid. “Waarom moes *ek* kanker kry? Hoekom is by *ons* huis ingebreek? Ek haat God vir wat hy gedoen het.” Ons word onderhandelaars en bied God ander planne aan (volgens ons mening, beter planne): “Waarom was dit juis die entoesiastiese sportman wat verlam is? Waarom moes die inbraak juis *nou* gebeur net voor my seun se matriekeksamen? My seun is so verwar, hy sal waarskynlik druip.”

Wat word met al dié vrae geïmpliseer? “God, U het gefouteer, en ek wil met U daaroor argumenteer. U het dit alles met die verkeerde persoon en op die verkeerde tyd laat gebeur. Voordat U hierdie ding verder voer, wil ek eers U plan bekyk om seker te maak of ek dit goedkeur.”

Is dit nodig om te weet waarom God sekere dinge in ons lewe laat gebeur? Hoe dit – my teëspoed – in sy oorkoepelende plan vir my lewe inpas? Het ek antwoorde of verduidelikings nodig om in vertroue op Hom te wag? Jy mag so dink, maar Job se lewe leer jou hoe verkeerd jy is. Vanaf hoofstuk 3 het Job gebedel, gepleit en selfs téén God uitgevaar. Job het gespook en gespartel totdat hy nie meer kon nie.

Teen die einde het Job se woede oorgegaan tot swye. Sy vrae het opgedroog. Hy het met sy hand voor sy mond gestaan – 'n gebaar tekenend vir "ek het niks om te sê nie." Het God 'n uitvoerige verduideliking gegee waarom Hy Job se ellende toegelaat het? Het God die inligting wat Job wou hê, aan hom openbaar? Nee.

As ons die boek tot aan die einde lees, sal ons tot ons verrassing agter kom dat Job, so ver ons weet, nooit vertel is van die hemelse dialoog tussen God en Satan in hoofstukke 1 en 2 nie. God het Job geen aanduiding gegee dat sy teëspoed ook in die toekoms ten goede gebruik sou word nie.

Die geheim van Job se veranderde hart in hoofstukke 40-42 was nie bloot inligting nie. Dit was 'n Persoon. Aan die einde van die boek het Job 'n Persoon ontmoet. 'n Persoon só groot en só wys dat al Job se beskuldigings, argumente en vrae soos mis voor die son verdwyn het. Aan die einde het Job vertroosting, gerusstelling en tevredenheid gevind, nie in verduidelikings nie, maar in 'n Persoon, naamlik God. Anders gestel, Job het vertroosting, gerusstelling en tevredenheid in sy ontsag vir God gevind.

Laat ons nie slegs die verhaal van Job opsom nie. Kom ons volg Job se frustrasie, woede en beskuldigings en daarna sy herstel om weer by ons ontsag vir God te vestig.

Tyd en swaarkry het die skild van Job se geloof al laer en laer laat sak. Die eerste bewys daarvan kom in hoofstuk 3 in 'n reeks God-het-'n-fout-gemaak "waarom?" vrae. Eenvoudig gestel: God het volgens Job, sy lewe wanbestuur.

> Waarom het ek nie gesterf by die geboorte, nie uitgegaan uit die moederskoot en die asem uitgeblaas nie?
>
> Job 3:11

> Waarom gee Hy lig aan die ellendige ...?
>
> Job 3:20a

Job se vriende het alles vererger deur hulle aanhoudende beskuldigings teen sy integriteit. Hulle het beweer dat hy die vloedgolf van die sogenaamde "oordeel" wat hy van God ontvang het, verdien het.

> As ek gesondig het, wat doen ek U aan, o Mensebewaker? Waarom het U my as mikpunt vir U opgestel ... ?
>
> Job 7:20

Job was inderdaad so oortuig daarvan dat God hom verkeerdelik aangeval het, dat hy 'n geleentheid wou hê om dit te bewys. Die eerste aanduiding dat Job vir God hof toe wil neem om sy onskuld te bewys, kom in hoofstuk 9 voor. Aanvanklik was die gedagte vir Job verskriklik en ondenkbaar.

> As hy sou begeer om met Hom te twis, nie een uit duisend sal hy Hom kan antwoord nie.

Job 9:3

Job het gedink "Al sou ek duisend kere met God debatteer, twyfel ek of ek hom 'n enkele keer sou kon oortuig." Job was vas oortuig dat die Almagtige 'n fout begaan het. Hy kon egter nie eers daaraan dink om met *God* te stry nie.

Job was by 'n vurk in die pad. Indien hy doelbewus sy gemoed met gedagtes om God te vertrou gevul het (Filippense 4:8), sou hy op die veilige pad van hoofstukke 1 en 2 gebly het. Job het in teendeel gekies om God se wysheid in twyfel te trek.[9] Die gevolg? Wat ondenkbaar in hoofstuk 9 was, het sy doelwit in hoofstuk 13 geword.

> Maar ék sal met die Almagtige spreek, en ek verlang om te pleit by God.
>
> Job 13:3

In Job se hart het die vrug van 'n vertrouensvolle lewe in konflik gekom met sy hoogmoedige begeerte om met God te debatteer. Ons kan die botsing in Job 13:15 lees, "Kyk, al wil Hy my ombring – ek hoop op Hom; ek sal tog my wandel voor sy aangesig bepleit." Job se begeerte om van God 'n verduideliking te vereis en om te bewys dat God 'n fout gemaak het, was só sterk dat hy God gesmeek het vir 'n verhoor in God se hofsaal.

> Ag, as ek maar geweet het waar ek Hom kon vind, maar kon kom tot by sy woning! Dan sou ek die regsaak voor sy aangesig uiteensit en my mond met bewyse vul.

---

[9] In die grondteks van Job 1:22 het Job geweier om ongerymdhede aan God toe te skryf. Hier is Job se denke besig om te verander.

Job 23:3-4

Job het geglo dat, indien hy die kans sou kry om te debatteer, hy kon bewys dat God nié die teëspoed oor hom moes gebring het nie. Job was vas oortuig dat, indien hy God se planne onder oë kon kry, hy God sou wys dat Hy ʼn baie gepaste alternatief vir Job se teëspoed uit die oog verloor het. As gevolg van Job se argumente sou God moes erken dat Hy verkeerd was, en Job se voorspoed weer herstel.

> Ek sou verneem die woorde wat Hy my sou antwoord, en verstaan wat Hy aan my sou sê. Sou Hy met oormag teen my stry? Nee, maar Hý sou ag op my gee. Dan sou daar 'n opregte met Hom staan en pleit, en ek sou vir ewig van my regter vrykom.

Job 23:5-7

Job het aan God ʼn dagvaarding uitgereik en Hom na die hofsaal ontbied. Job was nietemin in ʼn verskriklike penarie. God was die enigste Een wat gekwalifiseerd was om Job se saak aan te hoor, naamlik dié God wat deur Job beskuldig is. In die verloop van die verhoor sou Job God van alle kante beskuldig. God sou voor sy vriende tot getuie oor sy onskuld geroep word. Aan die ander kant, was God ook die enigste Een wat kon *oordeel* of Job, óf sy vriende, reg was. Nou wou Job God as *verdediger* hê, om Job se beskuldigings van onregverdigheid en swak bestuur te verdedig.

Job het sy nederige geloof laat vaar en was daarná totaal van koers af. Hy was daarvan oortuig dat indien hy met God van aangesig tot aangesig kon praat, hy God sou kon oortuig dat die dood van sy kinders, die verlies van sy rykdom en die agteruitgang van sy gesondheid ʼn reuse fout was. Hy was

seker dat sy eie plan vir sy lewe – selfs doodgeboorte (Job 3:11) – beter as God se plan was.

## ’n Nuwe stem

In hoofstuk 32 word ’n nuwe stem by die debat gevoeg. Na ’n eindelose gestryery het Job, Élifas, Bildad en Sofar ’n dooiepunt bereik (Job 32:1). Job wou nie toegee dat hy ’n afskuwelike, geheime sonde gedoen het nie. Daar was niks wat dít wat God gedoen het, kon verklaar nie. Hulle wou nié in Job se onskuld glo nie. En dan daag Elihu op.

Alhoewel hy jonger as sy kundige kamerade was (Job 32:6), het Elihu nou verskeie insette gegee wat die leser voorberei vir die finale gedeelte van die boek. Eerstens, het Elihu daarop gewys dat God nie hoef te verduidelik waarom sekere dinge in Job se lewe gebeur het nie.

> Kyk, daarin het u nie reg nie (antwoord ek u), want groter is God as 'n mens. Waarom het u teen Hom getwis, dat Hy op al die woorde van 'n mens nie antwoord nie?
>
> Job 33:12-13

> Kyk, God handel verhewe in sy krag; wie is 'n leermeester soos Hy? Wie het Hom sy weg voorgeskrywe? En wie het gesê: U het onreg gedoen?
>
> Job 36:22-23

Tweedens, betwis Elihu Job se beterweterigheid ten opsigte van die organisasie van sy lewe. Daarvoor het Elihu Job se aandag op die grootsheid van die sigbare skepping gevestig.

> Luister hierna, o Job! Staan stil en gee ag op die wonders van God. Begryp u hoe God hulle bevel gee en die lig van sy wolk laat flikker? Begryp u iets van die gesweef van die wolke? ... kan u saam met Hom die hemel uitbrei ...?
>
> Job 37:14-16a, 18a

Die draaipunt van die argument is belangrik – “Hoe kan u twis met die God wat alles gemaak het wat u oë kan sien?” God gebruik presies dieselfde argument wanneer Hy op al Job se aantygings antwoord.[10]

## God se dag in die hof

In hoofstuk 23 het Job vir God na die hof ontbied om te antwoord op Job se beskuldigings van onregverdigheid en

---

[10] Wanneer ’n mens die laaste verse van hoofstuk 36 en dan hoofstuk 37 lees, kan mens wonder of Elihu se raak beskrywing van ’n donderstorm nie geïnspireer was deur die aankoms van werklike weerligstrale en donderslae nie. Die donderstorm het aan die einde van hoofstuk 37 gekom, en Elihu het die onverwagte gesê: “... oor God is daar ontsagwekkende majesteit” (Job 37:22). Daarna het God uit ’n stormwind met Job gepraat. Die opbouende storm wat deur Elihu beskryf is, mag gesien word – tot sy en almal se verrassing – as die storm van God se teenwoordigheid (vergelyk Esegiël 1:4 ff; Psalm 18:10-15).

wanbestuur. In hoofstuk 38 het ’n verstommende ding gebeur. God verskyn in ’n stormwolk en ’n tornado.

Nog meer verstommend as dat God met Job gepraat het, was dít wat God gesê het toe Hy verskyn het. Job het hoofstuk na hoofstuk gepleit, gebedel en antwoorde van God geëis. Hoeveel antwoorde het God gehad? Geen. Heeltemal korrek. Nie eers een antwoord nie.

“Waarom is ek nie dood by geboorte nie? Waarom laat U my nie met rus sodat ek vrede kan hê nie? Waarom verpletter U my? Waarom? Waarom? Waarom?” God het nie een van Job se vrae beantwoord nie. In plaas daarvan – ons hoogmoed aanvaar dit moeilik – het God Job se reg om dit te vra, bevraagteken.

> Daarna het die HERE Job uit 'n storm geantwoord en gesê: Wie maak die raadsbesluit daar tot duisternis met woorde sonder kennis?
>
> Job 38:1-2

God se beskuldiging teenoor Job? Onkunde. Job het vrae gehad oor dinge wat hy glad nie kon verstaan nie. God se alleenspraak in hoofstukke 38-41 kan in hierdie vraag saamgevat word: “Job, weet jy regtig beter om jou eie lewe te orden asook die lewens van jou geliefdes?”

## Wysheid teenoor wysheid

In Job 38-41 klink God se reaksie vreemd wanneer dit vir die eerste keer gelees word – so asof Hy die ware probleem vermy deur ontoepaslike vrae te vra oor onder andere sneeu,

bokkies wat lam en die wilde esel. God is egter nooit irrelevant nie. Hoe hou daardie dinge dan verband met Job se beskuldiging dat God sy lewe wanbestuur het?

In Ou Testamentiese wysheidskringe was God se skeppende en geordende bestuur van die sigbare heelal gesien as die belangrikste bewys van sy wysheid. Bedink die woorde van Spreuke:

> Die HERE het deur wysheid die aarde gegrond, deur verstand die hemele vasgestel.
>
> Spreuke 3:19

> Ek, Wysheid, is vertroud met die skranderheid ...
> Die HERE het my berei as eersteling van sy weg, voor sy werke, van ouds af. Van ewigheid af is ek geformeer, van die begin af, van die voortyd van die aarde af. Toe daar nog geen wêreldvloede was nie, is ek gebore; toe fonteine, swaar van water, nog nie daar was nie; voordat die berge ingesink het, voor die heuwels is ek gebore; toe Hy die aarde en die velde en al die stoffies van die wêreld nog nie gemaak het nie. Toe Hy die hemele berei het, was ek daar; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed; toe Hy die wolke daarbo bevestig het, toe die bronne van die wêreldvloed sterk geword het; toe Hy vir die see sy grens gestel het, dat die waters sy bevel nie sou oortree nie; toe Hy die fondamente van die aarde vasgelê het –
> toe was ek 'n kunstenaar naas Hom, en ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor sy aangesig.
>
> Spreuke 8:12, 22-30
> (sien ook Psalm 104:10-30, veral v.24)

Job en sy vriende, kundiges in Ou-Testamentiese wysheid het wél almal geglo dat God die heelal geskep het, en dit deur sy onvergelykbare wysheid met geordende vaardigheid bestuur. Alhoewel God se beskrywing van die skepping in Job 38-41 vreemd mag voorkom, het Job al te goed verstaan waarmee God besig was.

Dit wil voorkom asof God werklik met Job in die stryd getree het: God se wysheid teenoor Job se wysheid. Die sigbare heelal sou die toneel vir die stryd wees. Wie se wysheid is die grootste en die beste? Job of God se wysheid? Indien Job die heelal beter kon orden as wat God dit gedoen het, sou God bereid wees om met Job oor sy lewe in gesprek te tree.

In hoofstuk 38 begin God om Job deur die hele skepping te neem. Kon Job verduidelik hoe alles funksioneer? Weet hy hoe 'n voël vlieg? Hoe 'n vis swem? Waar die weerligstraal vandaan kom? Weet hy wanneer die diere se kleintjies gebore word? Hoe om die son te laat opkom en ondergaan? Waar God die kos vir die leeus bêre? Kon Job vir slegs *een* dag die sigbare heelal bestuur? Sagkens en geduldig het God deur middel van kritiese vrae uitgewys hoe belaglik die gedagte was dat Job die heelal kon bestuur.

> Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? Gee te kenne as jy insig het. Wie het sy afmetinge bepaal? — jy weet dit mos! Of wie het daaroor die meetsnoer gespan? Waar is sy fondamentklippe op ingesink? Of wie het sy hoeksteen gelê? Toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het?
>
> Job 38:4-7

Sou Job die heelal kon ontwerp, skep en saamstel uit niks – sonder plan, sonder *enigiets*?

> En *wie* het die see met deure afgesluit toe dit uitgebreek, uit die moederskoot voortgekom het? Toe Ek die wolk tot sy kleding gemaak het en die donkerheid tot sy windsel. Toe Ek my grens daarvoor uitgebreek en grendel en deure gemaak het; en gesê het: Tot hiertoe mag jy kom en nie verder nie; en hier word 'n grens gestel vir jou trotse golwe.
>
> Job 38:8-11 (klem bygevoeg)

Sou Job kon beveel tot waar die see se waters moes gaan? En sou die see na Job se stem geluister het? “En wie het die see met deure afgesluit... Tot hiertoe mag jy kom en nie verder nie?” (Job 38:8, 11a)

> Het jy, solank as jy lewe, die môre ontbied, die dageraad sy plek aangewys? ... Het jy gekom tot by die bronne van die see? En het jy rondgewandel in die binneste diepte van die wêreldvloed? ... Omvat jou begrip die breedtes van die aarde? Gee te kenne as jy dit alles weet. ...
>
> Waar is tog die weg na die woning van die lig? En die duisternis — waar is tog sy plek?... Het jy gekom by die skatkamers van die sneeu? En het jy die skatkamers van die hael gesien ...?
>
> Job 38:12, 16, 18-19, 22

God het Job se aandag op die een ding na die ander gevestig – die heelal, die dieptes van die oseaan – en God het aan Job geleentheid gegee om sy wysheid te toon en op die vrae te antwoord: “Hoe ...? Waar was jy ...? Het jy ...? Ken jy ...?”

Job het hierop geswyg (in teenstelling met sy vroeëre eise en aantygings). Dit is te begrype wat sy antwoorde sou wees. Job het nie geweet wat om te doen sodat die son opkom en ondergaan nie, waar God die reën en die sneeu en die lig bêre nie.

> Kan jy die Diereriem uitbring op sy tyd? En die Beer met sy kleintjies lei? ... Kan jy prooi jag vir die leeuin? Of die honger van die jong leeus stil maak ...?
>
> Job 38:32; 39:1

Sou Job kon keer dat die leeus van honger doodgaan indien hy vir ’n week verantwoordelik sou wees vir hulle kos?

> Weet jy die tyd as die steenbokke lam? Neem jy dit waar as die takbokooie voortbring? ... Gee jy aan die perd sterkte? Beklee jy sy nek met maanhare? ... Sweef die valk opwaarts deur jou verstand en sprei sy vlerke uit na die suide toe?
>
> Job 39:4, 22, 29

Weet Job hoe ’n valk vlieg? Job het waarlik nie geweet nie. Om Job slegs vir een dag in beheer van die heelal te laat, sou katastrofiese gevolge gehad het.

> En die HERE het Job geantwoord en gesê: Wil die berisper met die Almagtige twis? Laat hy wat God teregwys, hierop antwoord! Toe het Job die HERE geantwoord en gesê: Kyk, ek is te gering. Wat kan ek U antwoord? Ek lê my hand op my mond.
>
> Job 39:34-37

Job het inderdaad verstaan wat God aan hom wou tuisbring. God het genoeg bewys gelewer *Wie* in beheer van die heelal

asook die lewens van mense was. God hoef dit nie te gesê het nie, Job het die les deeglik geleer.

Nadat God vir Job deur die heelal geneem het, het Hy in hoofstukke 40 en 41 die bewys van sy wysheid en almag getoon deur Job na die diereryk te neem. Daar het God die twee grootste diere in die skepping getoon: behemot en leviatan. Die dinosourus pas goed by hulle beskrywings.[11]

> Kyk, daar is die seekoei (behemot) wat Ek gemaak het saam met jou. Gras eet hy soos 'n bees. Kyk tog, sy krag is in sy kruis, en sy sterkte in die spiere van sy buik. Hy hou sy stert reguit soos 'n seder; die senings van sy dye is inmekaar gevleg. Sy gebeente is pype van koper, sy bene soos stawe van yster. Hy is die eersteling van die weë van God; ...
>
> Job 40:10-14a

Noord-Amerikaanse en Europese geleerdes was dikwels van mening dat hierdie beskrywing na ʼn seekoei verwys, maar enige persoon van Afrika weet van beter. Die seekoei het ʼn baie kort stert en nie eers digterlike vryheid sou kon toelaat dat daardie seekoei "sy stert reguit soos ʼn seder" kon hou nie (Job 40:12a). Feit is, indien God vir Job die mees

[11] Die gedagte aan dinosouriërs wat 2000-3000 jaar v.C. geleef het, sal skokkende nuus vir die evolusioniste wees; daar is egter geen rede waarom dit nié so kon wees nie. Wat is ʼn krokodil anders as ʼn dinosouriër wat nog nie uitgesterwe het nie? Baie diere – visse en skaaldiere in besonder – wat volgens evolusioniste reeds honderde miljoene jare gelede uitgesterwe het, is in die vorige eeu lewendig ontdek. Ons het rede om te glo dat sommige van die enorme reptiele wat bekend staan as dinosouriërs, tydens Job se leeftyd nog op aarde gelewe het.

indrukwekkende dier op aarde wou wys, Hy nié ’n seekoei daarvoor sou gebruik nie.

’n Reusagtige buik, ’n stert wat soos ’n seder slegs effens heen en weer beweeg in ’n stormwind, bene soos koperpype, ’n lang nek wat dit moontlik maak om waterplante tydens ’n vloed te kan eet (Job 40:11-13; 18) – dit klink soos ’n brontosourus of ’n ander tipe dinosourus. Juis daardie dier – reusagtig groot – het God as die voortreflikste dier in sy skepping aan Job getoon.

Die tweede dier, die leviatan, was net so indrukwekkend, miskien selfs nog meer as die behemot (Job 41:1ff). God het hier ’n reusagtige en ontsaglike sterk dier beskryf met pantseragtige skubbe, aggressief en onaantasbaar, bykans onmoontlik om dood te maak (Job 41:24, 25).

Teen die einde van hoofstuk 41, was die uitdaging afgehandel. Job het van God die reg geëis om sy eie lewe te orden. Toe God hom onder hande neem, het Job sy eie dwaasheid besef. Toe het Job die HERE geantwoord en gesê: “Ek weet dat U alles kan doen en geen plan is vir U onuitvoerbaar nie (Job 42:1-2). Nederig het Job dieselfde vraag as wat God vroeër vir hom gevra het, herhaal en beskaamd sy dwaasheid ingesien en sy skuld beken.

> Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie. ... Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien. Daarom herroep ek en het berou in stof en as.
>
> Job 42:3, 5-6

## Ontsag-vir-God geloof

Job het die volle sirkel voltooi, en is terug waar hy in die eerste twee hoofstukke was: stil, en met vertroue in God. Hand voor sy mond het Job al sy beskuldigings oor wanbestuur, al sy klagtes en al sy woedende “waarom” vrae teruggetrek. Was dit omdat God hom die antwoorde gegee het wat hy geëis het? Nee. Was dit omdat God getoon het dat Job se teëspoed uiteindelik tot goedheid kon lei – iets só goed dat die teëspoed die moeite werd sou wees? Nee. Was dit omdat God sy teëspoed weggeneem het? Nee.

Job het die grootsheid van God as Skepper gesien en besef dat verduidelikings nie nodig was nie. God het geweet waarom die teëspoed Job getref het. Job sou nie ʼn beter plan kon bedink nie. Job het nie vrede en troos in verduidelikings en onderhandelings gevind nie, maar in ʼn Persoon – Een wat só vol wysheid is dat Job Hom geheel en al kon vertrou sonder om die teëspoed te verstaan.

Volgens die beeldspraak wat ons Here Jesus in die Nuwe Testament gebruik het, noem ons dit *kinderlike geloof*. In die Ou Testament is Job se eervolle, nederige en vertrouende reaksie teenoor God in hoofstukke 40 en 42 anders genoem: ontsag-vir-God geloof.

Kinderlike geloof beteken dat ʼn driejarige kind sy pa totaal vertrou agter die stuur van die gesinsmotor op pad na die ouma se huis. Sy pa ken die pad daarnatoe. Al ken die kind nie die pad daarheen nie, vertrou hy dat sy pa hom daarheen sal neem. Is dit nie net soos Job vertrou het, nadat hy God ontmoet het nie? Eers het Job die plan vir sy lewe geëis, later

het hy aanvaar dat hy veilig in die hande van die Meester-Beplanner was.

Al die wysheidesboeke in die Ou Testament verkondig dat 'n mens ontsag vir die HERE moet hê. In Spreuke lees ons "Die beginpunt van wysheid is ontsag vir die HERE" (Spreuke 9:10). Die Prediker sê: "Dink aan jou Skepper ... Betoon ontsag vir God en kom sy gebooie na" (Prediker 12:1 en 12:13). Die boodskap in Job is presies dieselfde. Die geheim om teëspoed te hanteer, is *teologies* van aard, naamlik om te besef hoe groot, hoe vol wysheid en vol liefde God werklik is, en dan om sy plan vreugdevol te aanvaar, al verstaan ons dit nie.

Job het stil geword toe God die wonder van die skepping aan hom getoon het; sy ontstelde siel is ook daardeur tot ruste gebring. Hy is so verneder en so beïndruk deur die Skepper-God dat hy nie anders kon as om te reageer met geloof, vertroue, aanbidding en onderdanigheid nie. Hy kon nie anders as om ontsag vir God te hê nie.

## Wat leer ons by Job?

In dertig hoofstukke lees ons hoe ontevrede Job was en hoe hy geëis het dat God aan hom verduidelik wat gebeur het. Het al die pleit, eis en twis met God enigsins vir Job gehelp? Nee. Wat hom wel gehelp het, was 'n ontsag-vir-God geloof. 'n Kalm, doelbewuste keuse om God te vertrou, selfs in die ergste pyn en ellende. Job, met sy hand voor sy mond, is in hoofstuk 40 'n meer ontspanne, rustige, eerbiedige man, as die ontevrede en woedende Job van hoofstukke 3-30.

Soos ons weet, is die verliese wat Job gelei het, weer herstel in hoofstuk 42; dit was egter nie die rede vir Job se hart-verandering nie. Ook nie dat God verduidelik het dat die verloop van sy teëspoed in die Bybel opgeneem sou word om daardeur bemoediging en kennis aan miljoene wat nog gebore moes word, sou bring nie. Ook nie dat God doelbewus nie vir Job ingelig het oor sy gesprekke met Satan in hoofstukke 1 en 2 nie. Wat was dan die sleutel tot sy ommekeer? God het *Homself* aan Job getoon en Job het besef dat God as Persoon genoegsaam was as die antwoord op al sy vrae.

God sal nie noodwendig 'n tornado oor jou bring nie, Hy hoef ook nie. Die lees van die boek Job is voldoende. Job se swaarkry het veroorsaak dat hy sy Skepper vergeet en sy ontsag vir God verloor het.  Selfs Job, wat 'n wysheidskundige was en vir baie ander goeie raad gegee het, het God in sy swaarkry vergeet. Moenie dieselfde fout begaan nie.

Die boek Job bevat baie lesse oor hoe om teëspoed te hanteer. Jy word gewaarsku om nie jouself te martel deur te probeer argumenteer, te onderhandel of antwoorde by God te eis nie. Die boek waarsku jou om nie na goedbedoelde, maar onbybelse raad te luister nie. Dit waarsku teen die gevaarlike verloop van tyd, die valstrik van verwagtings en die gevaar om die skild van die geloof te laat sak.

Die heel belangrikste in die boek Job is die lesse aangaande God. God is in beheer; ons moet nooit daaraan twyfel nie. God is die Skepper. Hy is só groot, só vol wysheid en só liefdevol dat – soos Job – ons Hom kan vertrou, al verstaan

ons nie sy weë nie. Net soos Job sal ons uiteindelik besef dat "die HERE vol medelye en ontferming is" (Jakobus 5:11).

Ontsag-vir-God geloof – 'n verwonderende, nederige, ontvanklike en vertrouende geloof – dit is wat Job nodig gehad het om sy teëspoed te hanteer. Dit is wat jy ook nodig het. Lyding en swaarkry is nooit maklik nie. Jy sal graag antwoorde op al jou vrae wil hê. Wanneer jy wél die God van Job 38-41 ontmoet, sal jy weet dat Hy as antwoord genoegsaam is. Die ontsag-vir-God geloof is die enigste manier om teëspoed te hanteer.

# ’n Hulplys
# vir die hantering van teëspoed

Hoe kan jy ontsag-vir-God geloof tydens teëspoed hê? Dit begin deur weg te draai van sonde, en Jesus Christus en sy dood aan die kruis te vertrou vir die vergifnis van sonde. In die Nuwe Testamentiese era begin ontsag-vir-God geloof by Christus. Indien jy werklik Christus ken en die inwonende Heilige Gees ervaar, dan is die volgende praktiese, Bybelse maniere om dít wat jy in hierdie boekie geleer het, op jou eie lewe toe te pas.

- Wanneer teëspoed jou tref, weerstaan die versoeking om aanhoudend “Waarom” vrae vir God te vra. Hy sal jou vrae waarskynlik nie beantwoord nie. In plek daarvan, vra liewer “Hoe”? Op watter manier kan ek die teëspoed hanteer sodat dit tot God se eer strek en waar my geloof vir Hom vreugde bring.
- Sluit twyfel-gedagtes uit (2 Korintiërs 10:5) en vervang hulle met kennis oor God se wysheid voordat hulle jou gevange neem soos vir Job (Job 3 ff).
- Maak *dank* die hooftema in jou gebede (Filippense 4:6-7) en sluit beskuldigings – of eise uit. Die dankbaarheid in Filippense 4:6 veroorsaak dat die vrede van God in Filippense 4:7 jou sal vul.
- Gebruik die Skrif, Psalms, lofgesange en ander geestelike liedere (Kolossense 3:16; Efesiërs 5:19) om jou gedagtes te fokus op die ontsagwekkende wysheid van God soos dit in Job 38-41 beskryf is.

- Wanneer jy in ’n worstelstryd is, probeer identifiseer wat dit is wat jou laat struikel: Onbybelse raad? Tyd? Verwagtings? Jy kan die hoofstuk in hierdie boekie: “Waarom het Job gestruikel” weer deurlees.
- Indien jy van enige sonde in jou lewe bewus is, vra vergifnis daarvoor. Draai dan weg van daardie sonde. Indien jy van geen sonde weet nie, wees verheug – as kind wat wel vergifnis ontvang het – dat die teëspoed nie beteken dat God vir jou kwaad is nie.
- Moenie jouself van ander mense onttrek nie. Wees ontvanklik vir die liefde, die bemoediging en die hulp van God se familie (Hebreërs 10:24-25).
- Onthou dat God behae vind in ons geloof in Hom. Dit verheug hom! “Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag” (Hebreërs 11:6). Positief gestel beteken dit: “Met geloof *is* dit moontlik om Hom te behaag.”

Om ontsag-vir-God geloof te hê is nie maklik wanneer teëspoed jou tref nie. Ons God wat verheug is wanneer hy vertrou word, sal jou die genade gee om dit te doen. Die Boek Job is ’n waardevolle hulpmiddel. Wees soos Job in sy beter oomblikke en nie soos in sy slegte oomblikke nie. Vermy die slaggate en die valstrikke waardeur hy tot ’n val gekom het. Maar die belangrikste is, onthou – lees dit weer en weer – Job se ontmoeting met God. In God, is al Job se vrae beantwoord. Job het in God ’n Persoon gevind wat só groot, só vol wysheid en só vol liefde is, dat dit nie saak gemaak het of hy verstaan wat aan die gang was nie. Vir Job was ontsag-vir-God geloof die sleutel om teëspoed te hanteer. Dit geld vir jou en ook vir my.

# Boekies reeds vertaal in Afrikaans

- **Die Bybel en Selfliefde**
  Word Christene beveel om *hulself* lief te hê?

- **Hoe om Teëspoed te hanteer**
  ’n Studie oor Ontsag-vir-God geloof uit die lewe van Job

- **Kinderdoop of die Doop van Gelowiges?**
  Het jy vrae oor die Doop?

- **Oorwin Woede**
  ’n Bybelse handleiding om geduldig, verdraagsaam en lankmoedig te word.

- **Vergifnis**
  ’n Bybelse handleiding om te vergewe soos God vergewe.

- **Vrae en Antwoorde oor Genesing, Spreek in Tale en Profesie**
  Wat sê die Bybel werklik oor wonderwerkende tekens en gawes?